

HOOFSTUK 5

VERSTEDELIKINGSPATRONE, DORPSTIGTING, DIE ONTWIKKELING VAN RESIDENSIËLE GEBIEDE EN BEVOLKINGSGETALLE

5.1 DIE AANVANG VAN DIE VERSTEDELIKINGSPROSES EN DORPSTIGTING

Die dorp Vereeniging het sy ontstaan te danke aan die steenkoolneerslae wat George William Stow, 'n selfopgeleide geoloog, in 1878 in die omgewing van die samevloeiing van die Taaiboschspruit en die Vaalrivier ontdek het.¹ Hierdie ontdekking het daartoe gelei dat die Zuid-Afrikaansche en Oranje-Vrijstaatsche Kolen en Mineralen Mijn Vereeniging in 1880 gestig is. Die doel van hierdie maatskappy was om die bogenoemde steenkoolneerslae te ontgin.²

Hierdie ontwikkeling het oënskynlik daarop gedui dat daar vir hierdie landbou-omgewing 'n rooskleuriger toekoms voorgelê het. Onder leiding van Stow het hierdie mynmaatskappy, sedert November 1880, feitlik 126 000 akker plaasgrond aan weerskante van die Vaalrivier opgekoop. Intussen het die werksaamhede rondom die eerste steenkoolmyn, die Central Westmyn, 'n instroming van veral steenkoolmynwerkers tot gevolg gehad.

Hierdie vestiging van steenkoolmynwerkers, in 'n informele nedersetting op die plaas Leeuwkuil no. 596³ en die aangrensende plaas Klipplaatdrift no. 601⁴, het teen 1882 tot sowat 300 siele aangegroei. Groot getalle transportryers, wat steenkool na Kimberley vervoer het, was ook altyd in hierdie myngemeenskap aanwesig. Hierdie groeiende nedersetting het die proklamasie van 'n dorpsgebied en die instelling van 'n plaaslike bestuur genoodsaak. In die lig van hierdie omstandighede het die Pretoriase prokureursfirma, Simpson & Schappert, in opdrag van die Mynbestuur op 30 Junie 1882 'n versoek aan W.E. Bok, die staatsekretaris van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) gerig en toestemming gevra om 'n dorp op die plaas Klipplaatdrift te stig.

1 G.W. Stow, *Report of the geological survey of the Orange Free State* ..., pp.14,15.

2 D.W. Krüger (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, deel 2, p.739.

3 Aktekantoor, Pretoria, Registrasieafdeling IQ, band 97, plaasnommers 595-599: Leeuwkuil eienaarsregister.

4 Aktekantoor, Pretoria, Registrasieafdeling IQ, band 98, plaasnommers 600-621: Klipplaatdrift eienaarsregister.

Die applikante het hierdie aansoek só gemotiveer: "De uitgekosen plaats is bizonder geschikt om er eene stad te doen verrijsen, als zijnde in de onmiddellijke nabijheid van steenkool en water; en gezond en goed gelegen."⁵

In hierdie versoek is gemeld dat die mynbestuur die dorpsplan so gou moontlik aan die regering vir goedkeuring sou voorlê. Daar is ook vermeld dat die Landmeter wat op hierdie terrein werksaam was, voorgestel het dat water vir die dorpenaars uit die Suikerboschrandrivier op die plaas Uitvlugt no. 434 verkry moes word. Hierdie plaas het ook aan die mynowerheid behoort en het aan die plaas Klipplaatdrift gegrens.⁶

Die Uitvoerende Raad van die ZAR het op 4 Julie 1882 hierdie aansoek, dat 'n nuwe dorp in die Heidelbergse distrik gestig kon word, ondersteun. Die volgende besluit is aan die Volksraad vir goedkeuring voorgelê: Dat "ingevolge artikel 173 van de Grondwet aan het verzoek te voldoen en de naam van de stad te bepalen 'Vereeniging'".

Die bogenoemde mynmaatskappy se lang naam is in die spreektaal na **De Vereeniging** verkort. Die dorpsnaam Vereeniging is dus van die mynmaatskappy se naam afgelei. Die Volksraad het op 5 Julie 1882 toestemming vir dorpstigting op die plaas Klipplaatdrift verleen. Die Volksraad het die regering ook opdrag gegee om vas te stel of die nuwe dorp nie op of aan regeringsgrond geleë is nie.⁷

Bogenoemde artikel 173 van die Grondwet het bepaal dat grondgebied in die ZAR vir bestuursdoeleindes in distrikte verdeel is.⁸ Hierdie bepaling het waarskynlik die vasstelling van distriks- en dorpsgrense ten tye van dorpstigting genoodsaak.⁹

Die aangeleentheid rondom dorpstigting en -proklamering sou egter vir baie jare sloer. Hierdie vertraging is onder meer deur die bogenoemde besluit van die Volksraad, rakende artikel 173 van die Grondwet, veroorsaak. In opvolging van die Volksraadsbesluit het die Landmeter-generaal vasgestel dat die ligging van die beoogde dorp nie inbreuk op bestaande paaie en op regeringsgrond sou maak nie en hy het Sammy Marks gedurende Januarie 1884 versoek om die dorp te laat uitmeet. Marks het die Landmeter-generaal hierna

5 TAB, Pretoria, Staatsekretaris (SS), band 684, verw. R 3722/82: brief Simpson & Schappert aan Bok, 30 Junie 1882.

6 TAB, Pretoria, SS, band 684, verw. R 3722/82: brief Simpson & Schappert aan Bok, 30 Junie 1882.

7 TAB, Pretoria, Eerste Volksraad (EVR), band 24: notule van die Eerste Volksraad, artikels 713-714, 5 Julie 1882; TAB, Pretoria, ZAR, band 25/1: F. Jeppe & J.G. Kotzé (samestellers), *De locale wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1849-1885*, p.1123.

8 TAB, Pretoria, ZAR, band 25/1: F. Jeppe & J.G. Kotzé (samestellers), *De locale wetten* ..., p.61.

9 TAB, Pretoria, SS, band 684, verw. R 3722/82: notule van die Uitvoerende Raad, 4 Julie 1882.

meegedeel dat dorpsstigting voorlopig gestaak is.¹⁰ Die rede vir hierdie stap van Marks het waarskynlik, soos later sal blyk, uit probleme gespruit wat met die ligging van die dorpsgebied ondervind is.

Die steenkoolmynbedrywighede in Vereeniging het in 1886, met die ontdekking van die Witwatersrandse goudvelde, in belangrikheid toegeneem. 'n Nuwe afsetgebied het hierdeur ontstaan, wat deur 'n verhoogde steenkoolmynproduksie en gevolglik 'n vergrote werkerskorps beantwoord moes word.

Hierdie hernuwe belangstelling en instroming van mense na die ontwikkelende dorpsgebied het die mynmaatskappy oortuig dat hulle iets daadwerklik aan die uitbreiding van die dorp Vereeniging moes doen.

In hierdie tydperk is daar met die dorpsbeplanning, dorpsuitleg en die opmeting van die dorpsgrense begin. J. Rissik het die dorpsplan volgens 'n roosterpatroon opgestel en die dorpsgebied is deur E. Jorissen opgemeet en afgepen. Die sentrale dorpsgebied het 'n oppervlakte van 356 morges beslaan. Sammy Marks het hierdie dorpsstigtingkwessie weer aangeroer, toe hy die prokureursfirma Van der Hoff & De Jongh opdrag gegee het om die regering te versoek om Vereeniging as dorp te proklameer. Dié versoek is op 2 November 1889 aan die regering gerig.

Hierdie firma het op 4 Desember 1889 'n dorpsstigtingsooreenkoms aan die Staatspresident en Uitvoerende Raad gestuur.¹¹ Verdere onderhandelings oor die voorgenome dorpsstigting is deur die Staatsekretaris en hierdie prokureurs gevoer. Op 14 Desember het die prokureurs 'n finale dorpsstigtingsdokument aan die regering voorgelê.¹²

Die Uitvoerende Raad het hierdie ooreenkoms op 18 Desember 1889 goedgekeur.¹³ Hierdie ooreenkoms is op 23 Desember deur die regering se regsgeleerdes nagegaan. Die dorpsgebied wat in die kontrak ter sprake is, is op 24 Desember 1889 in naam van die

10 TAB, Pretoria, SS, band 684, verw. R 3722/82: memorandum van die Landmeter-generaal aan die Staatsekretaris, 21 Januarie 1884.

11 TAB, Pretoria, SS, band 684, verw. R 3722/82: brief Van der Hoff & De Jongh aan Staatspresident, 4 Desember 1889.

12 TAB, Pretoria, SS, band 684, verw. R 3722/82: brief Van der Hoff & De Jongh aan Staatspresident, 14 Desember 1889.

13 TAB, Pretoria, ZAR, band 24, Executive Council resolutions, 1886-1899, 18 Desember 1889.

mynmaatskappy geregistreer.¹⁴ Hierdie ooreenkoms is in die *Staatskoerant* van 15 Oktober 1890 aangekondig.¹⁵

Die mynmaatskappy het die voorgestelde dorpsplan gedurende Maart 1892 aan die Landmeter-generaal vir goedkeuring voorgelê. Uit hierdie plan het dit geblyk dat die dorpsgebied nie volgens die Volksraadsbesluit van 1882 op die plaas Klipplaatdrift uitgelê is nie, maar groter deels op die plaas Leeuwkuil uitgemeet is. Hierdie probleem het die finale goedkeuring deur die Landmeter-generaal vertraag aangesien die twee plase waarop die dorp uitgemeet is in twee verskillende distrikte, naamlik Heidelberg en Potchefstroom, geleë was.

Die Landmeter-generaal het op 11 Maart die Staatsekretaris daarop gewys dat die proklamasie van die dorpsgebied nie volgens die 1882-besluit op die plaas Klipplaatdrift uitgemeet is nie. Op aanbeveling van die Landmeter-generaal is die 1882-besluit gewysig sodat die plaas Leeuwkuil ook in die geproklameerde dorpsgebied ingesluit is.¹⁶

Die Uitvoerende Raad het op 29 Junie 1892 ook besluit dat die plaas Leeuwkuil na die distrik Heidelberg oorgedra moes word. Hierdie besluit het tot gevolg gehad dat die dorp Vereeniging in een landdrosdistrik, naamlik Heidelberg, geleë was. Die besluit is ook gerugsteun deur die feit dat wet en orde ook beter onder die gesag van een landdros toegepas kon word.¹⁷ In 'n proklamasie van dr. W.J. Leyds, die staatsekretaris, is Vereeniging op 29 Junie 1892 amptelik as dorp geproklameer.¹⁸

Die plaaslike bestuursgeskiedenis in Vereeniging het dus op die plaas Klipplaatdrift no. 601 en die plaas Leeuwkuil no. 596 in die distrik Heidelberg, ontwikkel. Hierdie distrik was in 1892 in die volgende wyke verdeel: wyk Roodekoppen, wyk Suikerboschrand, en wyk Kliprivier. Vereeniging het in die wyk Kliprivier geval. In hierdie wyk was ongeveer 45 plase geleë.¹⁹

14 TAB, Pretoria, SS, band 684, verw. R 3722/82: memorandum van die Registrateur van Akte aan Staatsekretaris, 24 Desember 1889.

15 TAB, Pretoria, SS, band 684, verw. R 3722/82: kennisgewing no. 369, 15 Oktober 1890.

16 TAB, Pretoria, SS, band 684, verw. R 3722/82: memorandum van Landmeter-generaal, 11 Maart 1892.

17 TAB, Pretoria, ZAR, band 28: F. Jeppe & J.G. Kotzé (samestellers), *De locale wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek*, p.633.

18 TAB, Pretoria, ZAR, band 67, verw. R 3722/92: regeringsproklamasie no. 223, *Staatskoerant*, 29 Junie 1892, p.852.

19 TAB, Pretoria, ZAR, band 177: *Staatsalmanak der Zuid-Afrikaansche Republiek voor het jaar 1882*, p.13.

Die dorp Vereeniging het dus in die suidwestelike hoek van die wyk Kliprivier, aan die suidoostelike grens van die wyk Vaalrivier gelê.²⁰

In die volgende afdeling word die bevolkingsaanwas in Vereeniging oorsigtelik bespreek ten einde 'n duideliker beeld oor die dorpsbeplanning te vorm. 'n Vollediger uiteensetting van die bevolkingsgetalle word aan die einde van hierdie hoofstuk verskaf.²¹

5.2 PATRONE IN VEREENIGING SE BEVOLKINGS-AANWAS

Die ontleding van die patrone in Vereeniging se bevolkingsaanwas sal die omvang van die verstedelikingsproses wat in Vereeniging plaasgevind het illustreer.

Sammy Marks het gedurende die aanvangsfase van mynboubedrywigheide by Vereeniging die een onsuksesvolle poging na die ander aangewend om mense na hierdie steenkoolbedryf te lok.²² Gedurende 1882 het die totale werkerskorps op sowat 100 mense gestaan.²³ Gedurende die daaropvolgende dekade het hierdie getal reeds tot 'n geraamde 1 000 werkers toegeneem.²⁴

Amptelike opnames toon dat 446 blankes (49,4%) en 456 mense uit die ander bevolkingsgroepe gedurende 1904 in Vereeniging gewoon het.²⁵ Teen 1904 het die totale bevolking van Vereeniging gevolglik 902 mense getel.²⁶

Nie-amptelike syfers verskil egter van hierdie amptelike 1904-telling. Volgens die nie-amptelike bevolkingsopname was daar teen 1902 nagenoeg 2 000 mense in Vereeniging woonagtig. Volgens hierdie opname het die blankes slegs 200 getel.²⁷

20 TAB, Pretoria, T166: inventaris, Resident-magistraat Vereeniging, 1900-1914, algemene oorsig, p.1; vgl. ook kaart, Suid-Afrika (Republiek), *Vol 2627 DB: Vereeniging*, skaal 1:50 000.

21 Kyk pp.122 e.vv.

22 Vgl. R. Mendelsohn, '...*The country is rotten with coal*': *Sammy Marks and the Highveld coal industry, 1880-1910* (unp. paper, Conference of the South African Historical Society, Pietermaritzburg, January 1989), pp.6,9,10,19,21-23.

23 R. Mendelsohn, '...*The country is rotten with coal*' ..., p.5.

24 R. Mendelsohn, '...*The country is rotten with coal*' ..., p.9.

25 Suid-Afrika (Republiek), Buro vir Statistiek, *Stedelike en plattelandse bevolking van Suid-Afrika, 1904-1960*, verslag no. 02-02-01, pp.189,195,201,207.

26 Suid-Afrika (Republiek), Buro vir Statistiek, *Stedelike en plattelandse bevolking* ..., pp.183.

27 Vgl. R.L. Leigh, *Vereeniging: South Africa*, p.56.

Die rede vir hierdie verskil is waarskynlik dat nie al die mynwerkers Suid-Afrikaanse burgers was nie.²⁸ Daarom is hulle nie by die amptelike getalle ingereken nie. Indien die distrik se landelike bevolking saam met die dorpenaars gereken is, kon dit ook die nie-amptelike bevolkingsyfer beïnvloed het. Baie mense het in Vereeniging gewerk terwyl hulle in die buitewyke van die dorp woonagtig was.

Uit hierdie voorafgaande uiteensetting is dit duidelik dat daar deurentyd 'n bevolkingstoename te bespeur is en dat Sammy Marks en sy vennoot Lewis teen ongeveer 1904 daarin geslaag het om werkers op 'n meer permanente grondslag by die steenkoolmyne te vestig.²⁹

Die bevolkingsgetal het gedurende 1911 heelwat anders vertoon. Uit die totale (amptelike) bevolking van Vereeniging in 1911 van 2 001 mense was slegs 594 inwoners blank.³⁰ Alhoewel 'n geringe toename in die blankes se getalle te bespeur is, het dit 'n afname teenoor die ander bevolkingsgroepe getoon. Net sowat 'n kwart van die totale bevolking was dus blankes. Sedert 1912 het die getal permanente inwoners in Vereeniging daadwerklik toegeneem.³¹

Alhoewel Vereeniging reeds in 1892 geproklameer is, het die besetting van erwe teen 'n stadige tempo geskied. Van die 1 000 erwe wat oorspronklik uitgemeet is, was slegs 91 erwe teen 1912 as eiendomme van privaat persone geregistreer. Indien hierdie bogenoemde getal erwe met die 126 erwe wat aan die regering behoort het vergelyk word, is dit duidelik dat dorpsontwikkeling teen 'n slakkepas plaasgevind het.³²

Dit kan verder aanvaar word dat hierdie erwe hoofsaaklik in blanke besit was. Die feit dat daar teen 1913 nog geen voorsiening vir die behuisingsbehoeftes van ander bevolkingsgroepe gemaak is nie, bevestig hierdie standpunt.³³ Die ander bevolkingsgroepe is waarskynlik in hostelle en kampongs op die myn- en nywerheidspersone gevestig.³⁴

28 Vgl. R. Mendelsohn, '*...The country is rotten with coal*' ..., pp.21,22.

29 Anon., "Prosperity from coal and water", *Commercial Opinion*, vol. 26, no. 313, February 1949, p.354.

30 Suid-Afrika (Republiek), Buro vir Statistiek, *Stedelike en plattelandse bevolking* ..., pp.183,189,201.

31 R. Mendelsohn, '*...The country is rotten with coal*' ..., p.21.

32 H. Stander, *Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging*..., pp.44-46.

33 Vgl. M.F. Drake, *The iron and steel, metal and engineering industry in the Pretoria-Witwatersrand-Vereeniging region* (unp. M.A.-dissertation, UW, 1971), p.9.

34 Vgl. R. Mendelsohn, '*...The country is rotten with coal*' ..., pp.19-21.

Verskeie redes kan vir hierdie toedrag van sake genoem word. Op daardie tydstip het die mynbedryf onder 'n hoë personeelomset gebuk gegaan. Die rede hiervoor was dat die trekarbeiders, na verloop van slegs enkele maande, na hul verafgeleë gesinne teruggekeer het. Hierdie praktyk het tot gevolg gehad dat die totale swart werkerskorps, teoreties gesproke, ongeveer ses keer in een jaar vervang moes word.³⁵

Bevolkingsopnames gedurende 1921 toon dat Vereeniging se bevolking in totaal uit 1 843 blankes, 171 Kleurlinge, 177 Asiate en 3 242 swart mense bestaan het. Vereeniging se totale bevolking het dus op 5 433 mense te staan gekom.³⁶ Dit beteken dat die blankes tot 'n derde van die totale bevolking vermeerder het. Die Kleurlinge en Asiate het saam nie eers 'n twintigste van die totale bevolking uitgemaak nie. Hierteenoor het die swart mense byna twee derdes van die totale bevolking in Vereeniging gevorm.

Teen 1936 het die swart mense, persentasiegewys, 70% van die bevolking van Vereeniging uitgemaak. Hierteenoor het die blankes slegs 26% van die totale bevolkingsgetal gevorm. Die Asiate en Kleurlinge het gesamentlik die oorblywende 4% van die bevolking gevorm.³⁷

In 1946 het die swart mense 70% van Vereeniging se inwoners gevorm. Die blankes het op 28% gestaan, wat 2% meer was as die persentasie wat gedurende 1936 vermeld is. Op hierdie stadium het die Asiate en Kleurlinge elk net sowat 1% van die totale inwonertal uitgemaak. Hierdie verhouding, tussen die bevolkingsgroepe, is in daaropvolgende jare voortgesit.³⁸

Uit 'n totaal van 78 835 mense in Vereeniging gedurende 1960, het die 52 424 swart mense 66,5% van die bevolking uitgemaak. In vergelyking hiermee het die 24 564 blankes 31,2% van die bevolking uitgemaak. Die 823 Asiate het steeds 1% en die Kleurlinge, wat in totaal 1 024 mense was, het 1,3% van die totale bevolking gevorm.³⁹

'n Vergelyking van hierdie bevolkingsprofiel van Vereeniging met die res van die land toon dat die blankes gedurende 1904 21,6% van die totale bevolking in Suid-Afrika uitgemaak het. Hierteenoor het die Asiate 2,4%, die Kleurlinge 8,6% en die swart mense 67,5% gevorm.

35 Vgl. R. Mendelsohn, '*...The country is rotten with coal*' ..., p.9.

36 Suid-Afrika (Republiek), Buro vir Statistiek, *Stedelike en plattelandse bevolking* ..., pp.183,189,195,201,207.

37 Suid-Afrika (Republiek), Buro vir Statistiek, *Stedelike en plattelandse bevolking* ..., pp.183,189,195,201,207.

38 Suid-Afrika (Republiek), Buro vir Statistiek, *Stedelike en plattelandse bevolking* ..., pp.183,195,201,207.

39 Suid-Afrika (Republiek), Buro vir Statistiek, *Stedelike en plattelandse bevolking* ..., pp.183-207.

Teen 1970 het hierdie bevolkingsprofiel soos volg daar uitgesien: 17,5% van die totale bevolking was blank, 2,9% was Asiate, 9,4% was Kleurlinge, teenoor die 70,2% swart mense.⁴⁰ Dit is opvallend dat daar verhoudingsgewys meer blankes in Vereeniging as in die res van die land, gevestig is. Terwyl 17,5% van die land se bevolking in 1970 uit blankes bestaan het, is 40,9% van die inwoners van Vereeniging as blank geklassifiseer. In hierdie tydperk was daar ook 'n groter getal blankes in Vereeniging, vergeleke met die res van die Vaaldriehoek, gevestig.⁴¹

Indien hierdie bovermelde inligting met die bevolkingsaanwas in Vereeniging vergelyk word, kom 'n paar interessante feite aan die lig. In 1904 het 49,4% van Vereeniging se bevolking uit blankes bestaan. Dit beteken dat daar persentasiegewys 27,8% meer blankes gedurende 1904 in Vereeniging as in die res van die land gevestig was. Volgens die 1970-statistiek is hierdie verskil byna uitgeskakel. Meer swart mense as enige ander bevolkingsgroep het na Vereeniging verstedelik. Dit is verder duidelik dat daar in vergelyking met die landswye persentasies veel minder Asiate en Kleurlinge in Vereeniging gevestig is. Persentasiegewys het die Asiate in Vereeniging sedert 1904 onveranderd gebly. Die Kleurlinggetalle het sedert 1904 'n effense opwaartse neiging getoon.

Dit is ook interessant om 'n vergelyking ten opsigte van die verhouding tussen blankes en die ander bevolkingsgroepe in die groter Witwatersrandgebied te tref. Hieruit blyk dit dat daar persentasiegewys meer swart mense as blankes in hierdie gebied gevestig is. Hierdie verhouding het van 1:1,68 in 1951 tot 1:1,85 in 1960 toegeneem.⁴² Dit kom daarop neer dat daar teen 1960 vir elke 20 blankes sowat 37 anderskleuriges in die PWV-gebied gevestig is.

Terwyl die blankes in 1904 effens meer as die helfte van die totale bevolking van Vereeniging uitgemaak het, het dit in 1936 tot 'n kwart afgeneem. Na 1946 het die blankes as 'n persentiel van die ander bevolkingsgroepe wat verstedelik het, gestabiliseer en selfs afgeneem. Hierteenoor het die swart mense in Vereeniging, persentasiegewys, sedert 1946 vermeerder.

Teen 1980 is 'n afplatting in die groei van die blanke bevolking duidelik sigbaar. 'n Jaarlikse toename van 2,37% is tussen 1970 en 1980 onder blanke geledere waargeneem.⁴³

40 Vgl. Suid-Afrika (Republiek), Buro vir Statistiek, *Stedelike en plattelandse bevolking* ..., pp.183,189,201.

41 Suid-Afrika (Republiek), Buro vir Statistiek, *Stedelike en plattelandse bevolking* ..., pp.183-207.

42 M.F. Drake, *The iron and steel, metal and engineering industry* ..., p.96.

43 Mathey & Greeff {stads- en streekbeplanners}, *Vereeniging struktuurplan opgestel in opdrag van die Stadsraad van Vereeniging* (ongep. verslag, Stadsraad van Vereeniging, Vereeniging, 1986), p.25.

Hierteenoor het 'n toename van 6,12% in die geleedere van die swart mense plaasgevind.⁴⁴ Gedurende dieselfde tydperk is 'n soortgelyke groeikoers onder sowel die Indiër- as Kleurlingbevolking waargeneem.⁴⁵

Die 1985 bevolkingsyfers toon dat die blankes 72 740, die Kleurlinge 13 589, die Asiërs 4 427 en die swart mense 76 926 van die totale inwonertal gevorm het. Teen 1991 het die blankes met 11 129, die Kleurlinge met 9 649, die Asiërs met 3 495 en die swart mense met 58 557 vermeerder.⁴⁶

5.3 DIE INVLOED VAN INDUSTRIALISASIE OP VERSTEDELIKING EN DORPSONTWIKKELING IN VEREENIGING

Die peil van ekonomiese-ontwikkeling in 'n land bepaal tot 'n groot mate die tempo van verstedeliking. In Vereeniging het die versnelde industrialisasie eweneens verstedeliking en gevolglik behuisingsprobleme en gepaardgaande dorpsontwikkeling beïnvloed.⁴⁷ Behalwe vir industriële uitbreidings, lei hierdie ontwikkeling gevolglik ook tot residensiële uitbreidings.⁴⁸

Indien Vereeniging se grondslag en die aard van die dorp se industriële-ontwikkeling in ag geneem word⁴⁹, is dit duidelik dat geen ander gemeenskap se ontwikkeling so totaal afhanklik van die vervaardiging en verwerking van staal-, yster-, metaal- en kleiprodukte as die bevolking van Vereeniging is nie.⁵⁰

Hierteenoor word beleggers in eiendomme slegs getrek indien die toekoms van hul belegging verseker word. So het baie beleggers dit gunstig gevind dat grondpryse in Vereeniging, in vergelyking met ander dorpe in die PWV-gebied, relatief laag en uiters mededingend is.⁵¹

44 Mathey & Greeff {stads- en streekbeplanners}, *Vereeniging struktuurplan* ..., p.27.

45 Mathey & Greeff {stads- en streekbeplanners}, *Vereeniging struktuurplan* ..., p.26.

46 Suid-Afrika (Republiek), Sentrale Statistiekdiens, *Bevolkingsensus, 1985*, verslag no. 02-85-03, pp.114,115,255; Suid-Afrika (Republiek), Sentrale Statistiekdiens, *Bevolkingsensus, 1991*, verslag no. 03-01-01, p.17.

47 J.L. Finkle & R.W. Gable (Eds.), *Political development and social change*, 2nd ed., p.407.

48 J.L. Finkle & R.W. Gable (Eds.), *Political development and* ..., p.408.

49 Kyk hoofstuk 7, pp 238 e.vv.

50 M.F. Drake, *The iron and steel, metal and engineering industry*..., p.134.

51 M.F. Drake, *The iron and steel, metal and engineering industry*..., pp.262-264.

Laer grondpryse, tesame met ander positiewe faktore soos die vestiging van nywerhede, moedig ontwikkeling aan.

Die blote teenwoordigheid van florerende nywerhede het voornemende beleggers ook aangelok.⁵² Hoë verwagtinge het bestaan dat die groter nywerhede in Vereeniging by die aanvang van die sewentigerjare gereed vir verdere uitbreidings was.⁵³ Vir persone wat dit oorweeg het om hier te vestig, het hierdie ontwikkelingsmoontlikhede definitief sekuriteit gebied.⁵⁴

'n Bykomende aspek wat 'n gunstige indruk op beleggers maak is die kwessie van vervoer, na en vanaf die werkplek. Die infrastruktuur van Vereeniging was egter nie 'n probleem nie. Voldoende paaie sowel as spoorwegfasiliteite en 'n lughawe is daargestel.⁵⁵ Die gehalte van hierdie infrastruktuurdienste het die afset van produkte in Vereeniging bevorder. Op sy beurt stimuleer dit weer voortgesette ontwikkeling.

Beide die bogenoemde bevolkingsaanwas en industrialisasie het tot 'n toenemende vraag na behuising gelei. Wanneer die eiendomsmark aktief is, weerspieël dit die ontwikkelings wat plaasvind. Daar is byvoorbeeld vanaf die begin van 1968 tot in Maart 1969 nege woonstelblokke in Vereeniging opgerig.⁵⁶ Aangesien die behuisingsvoorkeure van mense uiteenlopend is, moes die behuisingsvraag ook op ander wyses aangespreek word.

Hierdie vraag na behuising kon, regdeur die geskiedenis van Vereeniging, nooit maklik oorbrug word nie. Die wyse waarop die Stadsraad van Vereeniging hierdie saak hanteer het, word vervolgens toegelig.

5.4 DIE ROL VAN DIE STADSRAAD IN DIE VOORSIENING VAN BEHUISING

Die verskaffing van behuising is eers na afloop van die Eerste Wêreldoorlog deur die Munisipaliteit van Vereeniging aangespreek. Nadat 'n munisipale behuisingskema geadverteer is, het 15 aansoekers gunstig daarop gereageer. Dit het aanleiding tot die

52 Vgl. J.L. Finkle & R.W. Gable (Eds.), *Political development and ...*, pp.209-211.

53 Vgl. Anon., "Vereeniging: primed for progress", *Property Mail*, vol. 3, no. 11, 14 March 1969, p.263.

54 Vgl. L.C.M. Willemse, Onderhoud, 10 September 1986.

55 *The Star*, 6 April 1963: advertisement; Anon., "Vereeniging: primed for progress", p.264.

56 Anon., "Vereeniging: primed for progress", p.262.

stigting van 'n Behuisingskomitee gegee.⁵⁷ Hierdie komitee was die eerste in sy soort in Vereeniging.

Aangesien plaaslike owerhede min behuisingshulp aan hul inwoners kon bied is die Behuisingswet (Wet no. 35 van 1920) ingestel. Kragtens hierdie wet kon lenings vir twee tipes behuisingskemas toegestaan word naamlik, 'n ekonomiese- of 'n sub-ekonomiese behuisingskema.

Eersgenoemde skema het plaaslike besture toegelaat om behuisingslenings beskikbaar te stel. Suksesvolle aansoekers was egter self vir die oprigting van hul huise verantwoordelik. Volgens die sub-ekonomiese skema sou lenings deur die owerheid aan plaaslike besture verskaf word, wat moes toesien dat wooneenhede opgerig word. Hierdie wooneenhede is aan behoeftige persone verhuur. Beide die owerheid en die plaaslike bestuur moes op 'n gelyke basis verantwoordelikheid vir enige wins of verliese, vir hierdie skema dra.⁵⁸

Ingevolge die bogenoemde wetgewing het 'n Behuisingskomitee vanaf 12 Oktober 1920 as 'n subkomitee van die Munisipale Raad gefunksioneer. Hierdie komitee het hoofsaaklik aansoeke om huislenings oorweeg. Vir hierdie doel is besluit om 'n bedrag van £33,500 vanaf die Provinsiale Sekretaris aan te vra.⁵⁹

Hierdie bedrag was voldoende om tien blanke aansoekers elk met 'n leningsbedrag van £1,000 te voorsien. 'n Verdere tien aansoekers, steeds blankes, kon elk met £550 gehelp word. Eersgenoemde aansoekers sou in staat wees om 'n huis met vyf tot sewe vertrekke te bou. Hierteenoor sou laasgenoemde aansoekers elk 'n huis wat uit drie vertrekke bestaan het, kon oprig.

Verder het hierdie komitee besluit om 'n bykomende bedrag van £6,600, vir die oprigting van ses huise, aan te vra. Hierdie huise sou deur die raad opgerig en verkoop word. Bykomend hiertoe is gevoel dat nog 12 huise, teen £700 elk, ook deur die raad opgerig en verkoop moes word.

Daar is besluit om ook vir £3,000 aansoek te doen waarmee behuising vir die ander bevolkingsgroepe moontlik gemaak kon word. Hiermee kon 60 woonplekke, teen 'n koste van £50 elk, vir hulle opgerig word. Die voorwaarde was egter dat hulle die £50 moes leen om self die huis op te rig.

57 Vgl. TAB, Pretoria, Stadsklerk van Vereeniging (MVE), band 1/6/1: notule, 12 Oktober 1920.

58 Stadsraad van Vereeniging, lêer 94/6, vol. 1: memorandum deur I.T. McPherson, 10 Januarie 1944.

59 TAB, Pretoria, MVE, band 1/6/1: notule, 12 Oktober 1920.

Die Provinsiale Sekretaris kon egter geen waarborg verskaf dat die volle bedrag vir hierdie behuisingsplanne aan die raad voorgeskiet sou word nie. Die Behuisingsraad moes die hele kwessie eers weer op meriete oorweeg.⁶⁰ Dit het nie lank geneem voordat die Behuisingskomitee hierop gereageer het nie. Hulle het die Provinsiale Administrasie versoek om 'n verteenwoordiger na die volgende vergadering van die Behuisingskomitee te stuur.

Meneer Eagle, 'n afgevaardigde van die provinsie, het die Behuisingskomitee se vergadering van 5 Januarie 1921 bygewoon.⁶¹ Volgens hom kon die hele bedrag waarvoor aansoek gedoen is, voorgeskiet word. Slegs die Administrateur kon hierdie aansoek nog afgekeur het.⁶² Dit het daartoe gelei dat 'n afvaardiging van Vereeniging se Behuisingskomitee twee dae later samesprekings met die Administrateur gevoer het.⁶³

Tydens hierdie vergadering is die plaaslike Behuisingskomitee verwittig dat dit die Administrateur se voorneme was om eers alle aansoeke dwarsoor Transvaal te oorweeg voordat hy enige bedrag aan plaaslike komitees sou toeken.⁶⁴

Ten spyte van hierdie onvoorsiene vertraging het die Behuisingskomitee besluit om met Vereeniging Estates betreffende die aankoop van erwe vir hierdie behuisingsplanne te onderhandel.⁶⁵ Vereeniging Estates het enkele dae nadat hierdie versoek tot hulle gerig is besluit om 12 erwe, teen £156 elk, vir hierdie doel beskikbaar te stel.⁶⁶

Na verloop van 'n paar maande het die Behuisingskomitee besluit om die bogenoemde leningsaansoek weer met die Provinsiale Sekretaris te bespreek.⁶⁷ Tydens die Julie 1921 vergadering van die Behuisingskomitee is 'n brief van die Provinsiale Sekretaris bespreek waarin hy sy spyt uitgespreek het dat geen lenings toegestaan sou word nie.⁶⁸

Hierdie ontwikkeling het 'n probleem geskep aangesien die munisipaliteit reeds vir 'n geruime tyd met 15 leningsaansoeke gesit het. Hierdie aansoeke het vir die komitee op die behoefte

60 TAB, Pretoria, MVE, band 1/6/1: notule, 6 Desember 1920.

61 Vgl. TAB, Pretoria, MVE, band 1/6/1: teenwoordigheidslys van die vergadering, 5 Januarie 1921.

62 TAB, Pretoria, MVE, band 1/6/1: notule van die Behuisingskomitee, 5 Januarie 1921.

63 TAB, Pretoria, MVE, band 1/6/1: notule van die Behuisingskomitee, 13 Januarie 1921.

64 TAB, Pretoria, MVE, band 1/6/1: notule van die Behuisingskomitee, 13 Januarie 1921.

65 TAB, Pretoria, MVE, band 1/6/1: notule van die Behuisingskomitee, 13 Januarie 1921.

66 TAB, Pretoria, MVE, band 1/6/1: notule van die Behuisingskomitee, 24 Januarie 1921.

67 Vgl. TAB, Pretoria, MVE, band 1/6/1: notule van die Behuisingskomitee, 13 April 1921.

68 TAB, Pretoria, MVE, band 1/6/1: notule van die Behuisingskomitee, 25 Julie 1921.

gedui wat daar vir behuising bestaan het. Ten einde die ontwikkeling in die dorp te ondersteun moes die raad dringend 'n oplossing vir hierdie probleem vind.

Die Provinsiale Sekretaris is genader met die versoek dat die provinsie hierdie bogenoemde aansoeke moes hanteer.⁶⁹ Hierdie slim skuif het daartoe gelei dat die Administrateur besluit het om £19,190 vir individuele aansoekers uit Vereeniging beskikbaar te stel.⁷⁰ In die tydperk September 1921 tot en met die ontbinding van die Behuisingskomitee in September 1922 is verskeie ander behuisingsaansoeke ontvang, en aan die provinsie vir oorweging voorgelê.⁷¹

Dit blyk duidelik dat behuising vir blankes in vergelyking met die ander bevolkingsgroepe veel groter aandag gekry het. Uit die aanvanklike £33,500 waarvoor aansoek gedoen is, is slegs £3,000 vir die behuising vir ander bevolkingsgroepe bestem.⁷² Tydens die laaste vergadering van die Behuisingskomitee is voorgestel dat die behuising vir ander bevolkingsgroepe eerder deur die Openbare Gesondheidskomitee hanteer moes word.⁷³ Hieruit kan afgelei word dat behuising vir die ander bevolkingsgroepe 'n netelige saak was.

Die groot omset in die swart arbeiders in Vereeniging het waarskynlik tot hierdie voorstel gelei.⁷⁴ Daar moet ook in gedagte gehou word dat die swart arbeiders hoofsaaklik by die verskillende werkpersele gehuisves is.⁷⁵ Hierdie behuisingskwessie moet verder ook in die Suid-Afrikaanse perspektief gesien word. Eers in die sewentigerjare van hierdie eeu het die staat die permanente teenwoordigheid van swart mense in die land erken.⁷⁶ Die vestiging en ontwikkeling van die sogenaamde apartheidsstede het uiteraard die ontwikkeling van Vereeniging in hierdie opsig geraak.⁷⁷

69 TAB, Pretoria, MVE, band 1/6/1: notule van die Behuisingskomitee, 25 Julie 1921.

70 TAB, Pretoria, MVE, band 1/6/1: notule van die Behuisingskomitee, 8 September 1921.

71 Vgl. TAB, Pretoria, MVE, band 1/6/1: notules van die Behuisingskomitee tussen September 1921 en September 1922.

72 Vgl. TAB, Pretoria, MVE, band 1/6/1: notule van die Behuisingskomitee, 12 Oktober 1921.

73 TAB, Pretoria, MVE, band 1/6/1: notule van die Behuisingskomitee, 27 September 1922.

74 Vgl. R. Mendelsohn, '*...The country is rotten with coal*' ..., p.9.

75 R. Mendelsohn, '*...The country is rotten with coal*' ..., pp.19,20; hierdie onderwerp word later beskryf, kyk pp.109 e.vv.

76 H.C. Marais (Ed.), *South Africa: perspectives on the future*, p.94.

77 Unie van Suid-Afrika, Departement van Naturellesake, *Verslag van die Naturellewetekommissie, 1946-1948*, UG 28/48, pp.48 e.vv.

Die voorsiening van behuising het egter eers na afloop van die Tweede Wêreldoorlog dringender aandag van die verskillende owerheidsliggame geverg. Klagtes oor 'n sloerdery en gepaardgaande trae reaksie van 'n Sentrale Behuisingskomitee, het in dieselfde tyd landswyd toegeneem.

5.5 TENDENSE IN DIE VOORSIENING VAN BEHUISING SEDERT DIE TWEDE WÊRELDOORLOG

'n Nuwe fase met betrekking tot die voorsiening van behuising het sedert die Tweede Wêreldoorlog aangebreek. Die land en Vereeniging het voor nuwe vooruitsigte sowel as probleme te staan gekom. Versnelde nywerheidsontwikkeling, tydens en na afloop van die Tweede Wêreldoorlog, het veroorsaak dat behuising 'n nasionale kwessie geword het.⁷⁸

Saam met berigte dat die Tweede Wêreldoorlog sy einde nader, het die landswye behuisingsnood toenemend kommer gewek. Teen 1944 was daar 'n beraamde tekort aan sowat 150 000 huise in Suid-Afrika.⁷⁹ Hierdie tekort was vir 30 000 huise vir blankes en 120 000 huise vir die ander bevolkingsgroepe beraam. Die opvatting het bestaan dat die tekort teen 1955 op 440 000 wooneenhede te staan sou kom. Van hierdie enorme totaal is beraam dat daar 'n tekort van 150 000 huise vir blankes sou wees. Behuising het dus in hierdie tydperk 'n nasionale probleem geword.⁸⁰

Hierop het die destydse Minister van Welsyn en Demobilisasie sekere oplossings voorgestel. Sy voorstelle het onder andere ingesluit dat die Sentrale Behuisingsraad met 'n nuwe liggaam, die Nasionale Behuising- en Beplanningskommissie, vervang moes word. Hierdie kommissie moes die vraag na behuising op nasionale vlak aanspreek. Daar is ook voorgestel dat die term sub-ekonomiese behuising met die term Nasionale Behuisingskema vervang moes word. Die regering het ook onderneem om bykomende finansiële ondersteuning vir die behuisingsnood te voorsien.

Tydens die dertiende jaarlikse vergadering van die Verenigde Munisipale Uitvoerende Raad wat gedurende Maart 1944 gehou is, is die lewensvatbaarheid van hierdie beoogde Nasionale Behuisingskema bevraagteken.⁸¹

78 Vgl. Anon., "Prosperity from coal and water", pp.354-356.

79 Anon., "National housing", *Patriot: Official South African S.O.E. Journal*, vol. 21, no. 4, April 1944, p.6.

80 Town Council of Vereeniging, file 94/6, vol. 1: circular 9A of 1944, Secretary for Public Health to local authority, 2 June 1944.

81 Anon., "National housing", pp.6,7.

Die Behuisingsraad het 'n groot rol in die vestiging van terugkerende soldate gespeel, omdat die Unie-verdedigingsmag uit sowat 320 000 lede bestaan het wat weer in die gemeenskap opgeneem moes word. Terugkerende soldate het daarom die reeds bestaande behuisingsprobleem vererger. Gedurende 1945-1946 is ongeveer 155 000 soldate ontslaan wat dus groter druk op die nasionale behuisingstekort geplaas het.⁸² Verder was hierdie oud-soldate na werksgeleenthede opsoek. Gebiede waar werksgeleenthede deur volgehoue industriële-ontwikkelings moontlik gemaak is, was veral gesog.⁸³ Vereeniging was een van hierdie aanloklike vestigingsplekke. Dit sou die behuisingsprobleem in Vereeniging opnuut op die voorgrond plaas.

'n Tydperk van industriële vooruitgang is tydens die Tweede Wêreldoorlog in Vereeniging ervaar. Die administratiewe rompslomp wat die werksaamhede van die Sentrale Behuisingsraad gekenmerk het, kon nie die toenemende vraag na behuising hanteer nie.⁸⁴

Meneer J.D.F. Briggs, die destydse voorsitter van die Arbeidersparty, het gevoel dat die behuisingsprobleem reeds voor die uitbreek van die oorlog bestaan het en nie na behore hanteer is nie. Hy het ook die plaaslike besture beskuldig omdat hulle gedurende die oorlogsjare so min as moontlik van swart arbeiders gebruik wou maak.⁸⁵

Welliswaar het die Munisipale Raad van Vereeniging terdeë die omvang van hierdie behuisingskwessie besef.⁸⁶ Die groei wat die dorp tydens en na afloop van die oorlog ervaar het is op so 'n wyse probeer bestuur dat die dorp se vooruitgang nie deur die behuisingsprobleem gestrem moes word nie.⁸⁷

Hoewel die raad bedenkinge oor die uitvoerbaarheid van sekere administratiewe aspekte van die Nasionale Behuising- en Beplanningskommissie gehad het, het hulle hulle volle

82 M. Broodryk, *Die invloed van die Tweede Wêreldoorlog op Suid-Afrikaanse algemene verkiesings* (ongep. referaat gelewer tydens die veertiende tweejaarlikse konferensie van die Suid-Afrikaanse Historiese Vereniging oor 'Suid-Afrika binne internasionale konteks: 'n historiese perspektief', PU vir CHO, Potchefstroom, 20-22 Januarie 1993), p.241; D.W. Krüger (rec.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, p.554.

83 Stadsraad van Vereeniging, lêer 94/6, vol. 1: memorandum van die Stadsklerk, 10 Januarie 1944.

84 Anon., "National housing", pp.6,7; vgl. ook Stadsraad van Vereeniging, lêer 94/6, vol. 1: memorandum van die Stadsklerk, 10 Januarie 1944.

85 *Rand Daily Mail*, 15 January 1945: report.

86 Town Council of Vereeniging, file 94/6, vol. 1: letter Town Clerk to Vereeniging Returned Soldiers' Association, 26 September 1945.

87 Anon., "Housing development", *Careers Guide*, vol. 17, December 1949, p.305.

ondersteuning vir hierdie kommissie beloof.⁸⁸ Ten einde die daad by die woord te voeg het die Stadsklerk 'n opname van die behuisingsbehoefte in Vereeniging gemaak. Sy gevolgtrekking was dat die raad aanspreeklikheid vir die oprigting van 75 ekonomiese en 90 sub-ekonomiese tipe huise vir blankes asook 1 000 huise vir swart mense kon aanvaar.⁸⁹

Die Nasionale Behuising- en Beplanningskommissie se reaksie hierop was dat hulle boumateriaal en fondse, vir die oprigting van 41 vier-vertrek wonings en 26 vyf-vertrek wonings, vir blankes sou bewillig. Verder kon 474 vier-vertrek huise vir swart mense opgerig word.⁹⁰ Tot 'n groot mate kon hierdie hulp die behuisingsnood in Vereeniging verlig.⁹¹ Nieteenstaande hierdie hulp kon die raad nie al die plaaslike behoeftes aan behuising bevredig nie.

Volgens 'n waglystelsel het 13 blankes en 150 swart mense steeds teen Augustus 1944 te kenne gegee dat hulle vir 'n lening wag om hul eie woonplek op te rig.⁹²

Dit is interessant om daarop te let dat gedurende die tydperk 1939-1944 sowat 489 huise in Vereeniging opgerig is.⁹³ In die lig van hierdie ontwikkeling het die stadsraad bykomende verligting bewerkstellig. In die tydperk 1942-1944 het die stadsraad ongeveer 80 huise vir blankes en 1 000 vir swart mense opgerig. Op grond van hierdie bydrae het die raad daarop aanspraak gemaak dat geen ander eweknie dorp dit kon ewenaar nie.⁹⁴

88 Town Council of Vereeniging, file 94/6, vol. 1: letter from Town Clerk to Municipal Association of Transvaal, 26 April 1944; Town Council of Vereeniging, file 94/6, vol. 1: extracts from agenda of Finance and General Purposes Committee, 17 April 1944.

89 Stadsraad van Vereeniging, lêer 94/6, vol. 1: notule van die Finansiële en Algemene Doeleindeskomitee, 19 Junie 1944.

90 Town Council of Vereeniging, file 94/6, vol. 1: letter National Planning and Housing Commission to Town Clerk, 25 August 1944.

91 *The Star*, 2 December 1944: report.

92 Town Council of Vereeniging, file 94/6, vol. 1: letter Town Clerk to Secretary of Public Health, 8 November 1944.

93 Stadsraad van Vereeniging, lêer 94/6, vol. 1: notule van die Finansiële en Algemene Doeleindeskomitee, 29 Januarie 1946.

94 Town Council of Vereeniging, file 94/6, vol. 1: letter Town Clerk to Vereeniging Returned Soldiers Association, 25 September 1945.

Hierdie langsame bouprogram het gedurende 1945 versnel. In die loop van 1945 is 32 huise vir blankes en 474 huise vir ander bevolkingsgroepe opgerig, terwyl 52 wonings vir blankes en 351 wonings vir anderskleuriges aan die einde van hierdie jaar in aanbou was.⁹⁵

Hierdie versnelde bouprogram het egter nie die vraag na behuising bevredig nie. Teen 1945 was daar geen onbewoonde huise in Vereeniging beskikbaar nie.⁹⁶ Hierdie besonderhede bevestig die behuisingstekort wat ervaar is.

Die Stadsclerk het gedurende 1945 weer 'n opname van die beraamde behuisingstekort in Vereeniging gemaak. Hiervolgens sou die tekort teen 1955 op ongeveer 2 000 huise vir blankes en op 'n beraamde 6 000 vir die ander bevolkingsgroepe te staan kom.⁹⁷ Daar moes voor 1950 ongeveer 1 000 huise vir blankes en tussen 4 000 en 5 000 huise vir die ander bevolkingsgroepe opgerig word om hierdie tekort te dek.⁹⁸

Intussen het die Nasionale Behuising- en Beplanningskommissie die versekering gegee dat die behuisingstekort in Vereeniging gedurig in gedagte gehou sou word.⁹⁹ Hierdie kommissie het egter sy hande vol gehad om met beperkte fondse die behuisingsbehoeftes op nasionale vlak te akkommodeer. In hierdie tydperk het byvoorbeeld Johannesburg ook onder 'n groot behuisingsnood gebuk gegaan.¹⁰⁰ Hierdie behuisingstekort in Johannesburg het blykbaar voorkeur geniet.¹⁰¹

Dié voorkeur wat die goudmynbedryf gekry het is geregverdig deur die feit dat goud 'n strategies belangriker bedryf as steenkool is. Die Nasionale Behuising- en Beplanningskommissie was ook van mening dat Vereeniging nie werklik 'n behuisingsprobleem gehad het nie. Hierdie kommissie was van mening dat die behuisingsbehoefte in Vereeniging nie die gevolg van industriële-ontwikkeling was nie, maar eerder dat die daarstelling van behuising voortgesette industrialisasie moes bevorder.

95 Stadsraad van Vereeniging, lêer 94/6, vol. 1: notule Finansiële en Algemene Doeleindeskomitee, 29 Januarie 1946.

96 Town Council of Vereeniging, file 94/6, vol. 1: letter Town Clerk to Secretary for Public Health, 9 March 1945.

97 Town Council of Vereeniging, file 94/6, vol. 1: letter Town Clerk to Director of Housing, 22 June 1945.

98 Stadsraad van Vereeniging, lêer 94/6, vol. 1: notule, 20 Junie 1945.

99 Town Council of Vereeniging, file 94/6, vol. 1: extract from agenda of the Finance and General Purposes Commission, 21 September 1945.

100 *Rand Daily Mail*, 16 January 1945: report.

101 Vgl. Town Council of Vereeniging, file 94/6, vol. 1: letter Director of Housing to Town Clerk, 7 August 1945.

Hierdie opvatting het die kommissie genoop om aan te beveel dat die Stadsraad van Vereeniging ook die behuisingskwessie moes aanspreek. Dit sou die kommissie in staat stel om eerder aandag aan gebiede te gee waar daar 'n groter behuisingsbehoefte bestaan het.¹⁰²

Dit wil voorkom asof die bogenoemde behuisingsopnames van die Stadsklerk nie die volle verhaal vertel het nie. Teen 1946 het Vereeniging eerder 'n tekort aan nywerheidsgrond en besigheidspersonele, as 'n tekort aan behuising, ervaar.¹⁰³ Dit het tot gevolg gehad dat daar in hierdie periode 'n afname in die vraag na behuising ondervind is.¹⁰⁴

Vir die oprigting van huise, nywerheids- en besigheidspersonele word grond nodig. Die vraag na behuising in Vereeniging het die vraag na geskikte grond dienoooreenkomstig laat toegeneem. Die beskikbaarheid van grond was 'n volgende struikelblok wat hierdie ontwikkeling geraak het.

5.6 DIE ROL VAN VEREENIGING ESTATES IN DIE VOORSIENING VAN GROND VIR BEHUISING

Vereeniging Estates het byna alle grond vir ontwikkeling in Vereeniging besit. As vernaamste grondbesitter het hierdie maatskappy 'n groot bydrae tot die dorp se ontwikkeling gelewer.

Dié maatskappy is gedurende 1945 by Anglo American ingelyf. Vereeniging Estates het as volfiliaal van hierdie multi-nasionale maatskappy laasgenoemde se ontwikkelingsbeleid nagevolg. Geen grond is vir dorpsontwikkeling aangewend voordat dit nie behoorlik geproklameer is nie.¹⁰⁵ Dit het beteken dat Vereeniging Estates 'n houvas op alle ontwikkeling gehad het.

Wanneer die munisipaliteit dus 'n gebied vir dorpsontwikkeling wou proklameer, moes daar eers met Vereeniging Estates onderhandel word. Hierdie toestemming wat die raad moes verkry alvorens dorpsstigting 'n aanvang kon neem, het telkemale op spanning uitgeloop.¹⁰⁶ Dit is voorafgegaan deur 'n lang wagperiode waarin die Administrateur sy toestemming vir

102 Stadsraad van Vereeniging, lêer 94/6, vol. 1: notule, 17 Januarie 1946.

103 Town Council of Vereeniging, file 94/6, vol. 1: letter National Planning and Housing Commission to Council, 5 December 1946.

104 Town Council of Vereeniging, file 94/6, vol. 1: Finance and General Purposes Commission, minutes, 12 December 1945.

105 Anon., "Vereeniging: primed for progress", p.263.

106 Vgl. Town Council of Vereeniging, file 94/6, vol. 1: Town Clerk in meeting with National Planning and Housing Commission, minutes, 20 June 1945.

die aankoop van die grond moes gee.¹⁰⁷ Nadat daar 'n ooreenkoms tussen die twee partye bereik is kon die raad die betrokke dorpsgebied laat proklameer.¹⁰⁸

Hierdie proses is opgevolg deur 'n lang stryd met die Nasionale Behuising- en Beplanningskommissie om voldoende fondse vir die oprigting van huise te bekom.¹⁰⁹

Vir behoorlike dorpsontwikkeling was dit noodsaaklik dat daar volgens 'n dorpsontwikkelingskema gewerk moes word.¹¹⁰ Vereeniging Estates het ook in hierdie opsig 'n beduidende rol vervul.

Teen 1936 het Vereeniging Estates byvoorbeeld £4,200 per jaar belasting aan die munisipaliteit betaal. Dit het veroorsaak dat die bestuur van die maatskappy van mening was dat hulle ook inspraak oor die aanwending van hierdie belastinggeld moes verkry.¹¹¹

Tussen 1938 en 1948 het grondpryse in Vereeniging aansienlik gestyg. Teen 1938 is grond in die munisipale gebied teen £15 per morg van die hand gesit. Dieselfde stuk grond is teen 1948 vir nagenoeg £150 per morg verkoop.¹¹² Dit dui op 'n 100% toename in grondpryse oor tien jaar, wat op sy beurt 'n gemiddelde toename van 10% per jaar beteken. Hierbenewens het 'n skaarsheid aan grond vir dorpsontwikkeling teen 1945 ernstige afmetings aangeneem. Die stadsraad moes volgens die bogenoemde prosedure by Vereeniging Estates vir grond gaan aanklop aangesien alle beskikbare grond vir behuising reeds ontwikkel was.¹¹³

Soos reeds in die vorige afdeling beskryf, het hierdie optrede van die stadsraad nie die behuisingsprobleem opgelos nie. Agitasie vir die beskikbaarstelling van genoegsame grond vir ontwikkeling is vanaf die ontwikkelende nywerheidssektor asook die breë gemeenskap ondervind.

107 Vgl. Town Council of Vereeniging, file 94/6, vol. 1: meeting between Secretary Vereeniging Estates and Town Clerk, minutes, 30 May 1945.

108 Vgl. Provinsiale Administrasie, Transvaal, "Dorpsbeplanning en -stigting", wet 25 van 1965, Provinsie Transvaal, *Uitgesoekte ordonnansies van Transvaal*.

109 Vgl. Town Council of Vereeniging, file 94/6, vol. 1: extract from agenda, Finance and General Purposes Commission, 21 September 1945.

110 Anon., "Prosperity from coal and water", p.357.

111 TAB, Pretoria, MVE, band TA10/36: letter Vereeniging Estates to Provincial Secretary, 23 October 1936.

112 C. Vermaak, "Know your district Vereeniging: where farming and industry flourish", *Farmer's Weekly*, 23 October 1957, p.49.

113 Vgl. Town Council of Vereeniging, file 94/6, vol. 1: letter Town Clerk to Director of Housing, 22 June 1945.

5.7 AGITASIE VIR DORPSUITBREIDING

Terwyl die bogenoemde behuisingskrisis uitsluitlik die probleem van die stadsraad geword het, is daar toenemende druk vanuit die industriële sektor uitgeoefen om genoegsame grond vir behuising te voorsien.

Op hierdie stadium was dit ook reeds duidelik dat nywerheidsontwikkeling sou skade lei indien daar nie in voldoende behuising voorsien kon word nie. Nywerhede het ook probleme ondervind om permitte te verkryging om huise vir hul werkers op te rig.¹¹⁴ Teen hierdie agtergrond het USKO die raad versoek om, sodra dit moontlik is, huise vir sy werkers te voorsien.¹¹⁵

Ten spyte van hierdie beperking, was nyweraars steeds positief omtrent uitbreiding gedurende hierdie na-oorlogse fase. Die raad was eweneens ook daarop ingestel om nywerheidsontwikkeling aan te moedig, daarom het hulle die behuisingsprobleem met soveel erns benader. Die stadsraad was van mening dat hulle deur hierdie tipe maatreëls nuwe ondernemings na Vereeniging sou lok.¹¹⁶

In hierdie opsig was die beskikbaarheid van grond vir ontwikkeling nie 'n probleem nie. Vereeniging Estates het byvoorbeeld in 1967 nog steeds beheer oor 27 658 akker grond vir ontwikkeling gehad.

Mense van alle bevolkingsgroepe en uit elke vlak van die samelewing is deur hierdie bogenoemde maatreëls na Vereeniging aangetrek. Die behuisingsbehoefte van elkeen van hierdie groepe het verskil. Die patroon wat voorstedelike-ontwikkeling in Vereeniging aangeneem het, is deur hierdie behoeftes gelei. Hierdeur is mense met gelyke stand en welvaart en behoeftes saamgegroepeer. Die politieke bestel in Suid-Afrika het ook sy stempel op voorstedelike-ontwikkeling gelaat.

114 Town Council of Vereeniging, file 94/6, vol. 1: letter Colonel Rood to Director of Housing, 10 January 1946.

115 Town Council of Vereeniging, file 94/6, vol. 1: letter USKO to Council, 9 September 1947.

116 Vgl. *The Star*, 6 April 1963: report.

5.8 DIE VERSPREIDING VAN DIE RESIDENSIËLE GEBIEDE

5.8.1 VERSPREIDINGSPATRONE

Die bovermelde pogings om aan die toenemende vraag na behuising te voorsien, het residensiële uitbreidings tot gevolg gehad. Tabel no. 5.1 toon die verskillende dorpsgebiede wat ontwikkel is.

Hierdie ontwikkeling het veral na afloop van die Tweede Wêreldoorlog momentum gekry, omdat daar in 'n verhoogde vraag na behuising voorsien moes word.¹¹⁷ Dit het veral aanpassings in die beleid ten opsigte van residensiële gebiede geverg.¹¹⁸

Die sentraaldorp van Vereeniging was tot 1944 die enigste dorpsgebied van Vereeniging en residensiële-ontwikkeling was dus redelik gekonsentreerd. Die dorpsgebied Peacehaven is gedurende 1942 as eerste residensiële voorstad geproklameer. Aansienlike residensiële uitbreiding het daarna veral in 'n noordelike, noordoostelike en oostelike rigting vanaf Vereeniging plaasgevind.¹¹⁹

Kaart no. 5.1 dui aan dat woongebiede in die Vaaldriehoek voor 1930 tot die sentraaldorp van Vereeniging beperk was en beperkte ontwikkeling in die omgewing van Duncanville en Drie Riviere voorgekom het. Van 1930 tot 1970 het Unitas Park, Roodstuine, Duncanville, Arcon Park, Sonlandpark, Peacehaven, Risiville, Steelpark, Roshnee en Rust-ter-Vaal, asook die eerste woonbuurte in Vanderbijlpark, Sasolburg, Sharpeville, Sebokeng en Meyerton ontstaan.

Gedurende die periode 1970 tot 1980 het 'n aantal nuwe woongebiede in die oop ruimtes tussen die dorpe ontstaan.


117 Vgl. Sentrale Argiefbewaarpark (SAB), Pretoria, Departement van Handel en Nywerheid (HEN), band 462/1/13: letter from Town Clerk to Mr Quass, 5 October 1949; M.C. van der Merwe, *Vereeniging industrial giant* ..., pp.20,21.

118 Vgl. J.L. Finkle & R.W. Gable (Eds.), *Political development and* ..., pp.407,416,418.

119 A. Nieuwoudt, *Die Vaaldriehoek as verspreide* ..., p.136; F.O.F. van Aswegen, *Die geskiedenis van Vereeniging* ..., p.13.

Tabel no 5.1: Dorpsgebiede

UITLE VAN NUWE DORPSGEBIED	NAAM VAN DORP	ADMIN. KENNIS- GEWING NO.	PROKLAMASIE DATUM	L G ALGEMENE PLAN NO.	AREA - ha
1938	Arcon Park	349	31/10/1956	A3677/56	86.3
	Arcon Park Uitbr. 1	74	27/3/1963	A1701/62	63.8
	Arcon park Uitbr. 2	184	7/7/1965	A7108/58	46.51
	Arcon park Uitbr. 3	188	4/10/1972	A5548/70	60.6
	Bedworth Park	1 451	23/8/1972	A6397/71	307.5
	Dickinsonville	207	26/8/1953	A5776/52	24.6
	Duncanville	64	19/3/1952	A5240/49	500.7
	Duncanville Uitbr. 1	33	17/2/1971	A852/70	47.8
	Falcon Ridge	230	22/2/1978	A7098/76	93.0
	Homer	135	6/7/1949	A7637/47	24.1
	Leeuhof	136	5/8/1959	A497/58	36.7
	Peacehaven	nie bekend nie	4/3/1942	A42/41	109.6
1935, in 1938 ingelyf by Munisipaliteit	Powerville	nie bekend nie	12/4/1943	A3454/51	91.1
	Powerville Uitbr. 1	45	27/2/1952	A244/50	3.2
	Risiville	131	11/4/1956	A4453/55	146.8
	Roodstuine				
	Roshnee	64	2/4/1969	A7067/67	63.6
	Rust-ter-Vaal	183	4/8/1971	A6253/69	37.8
	Sonlandpark	362	22/10/1969	A3658/67	256.2
	Springcol	617	10/6/1970	A4454/68	15.1
	Steelpark	35	7/2/1951	A3887/48	80.6
	Three Rivers	133	9/10/1946	A2518/45	416.9
	Three Rivers Uitbr. 1	28	19/2/1947	A2363/46	314.4
	Three Rivers Uitbr. 2	18	17/1/1951	A6123/49	242.0
	Three Rivers East	1 867	23/10/1974	A4086/73	234.7
1935 - ingelyf by Munisipaliteit 1938	Unitas Park	160	6/11/1946	A2678/45	6.6
	Unitas Park Uitbr. 1	1 337	22/8/1973	A7122/72	45.9
	Vereeniging Uitbr. 1	112	13/8/1947	A1918/47	102.0
	Vereeniging Uitbr. 2	314	30/10/1957	A129/56	25.4
	Vereeniging-Wes	139	4/8/1972	A6393/69	15.6
	Waldrift	1 492	12/9/1973	A5293/71	183.7
	Vereeniging	NA	NA	NA	308.3
	Rust-ter-Vaal Uitbr. 1	581	27/5/1981	A6255/79	21.58
	Roshasia	969	19/8/1981	A602/80	12.30 ¹²⁰



Kaart no. 5.1: Residensiële-ontwikkeling

Bron: A. Nieuwoudt, *'n Oorsig oor die geskiedenis van Vereeniging* (ongep. verslag, NIVG, PU vir CHO, 1993).

In die gebied tussen Vereeniging en Vanderbijlpark - binne Vereeniging se munisipale gebied - het die volgende woongebiede ontwikkel:

- ◆ Bedworth Park met 877 woonerwe, ten suide van die nasionale deurpad tussen Vereeniging en Vanderbijlpark.
- ◆ Dickinsonville met 454 woonerwe, tussen Vereeniging en Boipatong.
- ◆ Falcon Ridge met 544 woonerwe, tussen Vereeniging en Sebokeng. Hierdie woongebied is in 1980 geproklameer en aan die einde van dié jaar was slegs 36 erwe behou volgens die Vereeniging Munisipaliteit.¹²¹

Die gebied tussen Vereeniging en Vanderbijlpark toon die grootste mate van residensiële invulling in die Vaaldriehoek. Tussen Vereeniging en Sebokeng het daar tot ongeveer 1980 nog 'n groot oop gebied voorgekom.

Ten noorde van Vereeniging, in die rigting van Meyerton, het Arcon Park Uitbreiding 3 met 373 woonerwe na 1970 tot stand gekom. In 1980 was daar nog 'n groot oop gebied tussen Vereeniging en Meyerton, met die uitsondering van Roshnee en Rust-ter-Vaal wat ten weste van Meyerton geleë is. Die gebiede in hierdie omgewing wat deur die gidsplan vir residensiële-ontwikkeling afgebaken is¹²², bestaan nie die hele gebied tussen Vereeniging en Meyerton nie.


Soos op kaart no. 5.1 gesien kan word, was Meyerton en Sebokeng in 1980 deur 'n groot oop gebied geskei en sal dit na aanleiding van die riglyne soos neergelê deur die gidsplan vir die Vaalrivierkompleks in die jaar 2000 ook gedeeltelik so wees.¹²³

'n Kaart wat die voorkoms van residensiële gebiede aantoon, kan slegs 'n aanduiding gee van die stedelike gebiede waar daar mense woonagtig is sonder om die werklike bevolkingsverspreiding aan te dui. 'n Kaart wat die absolute bevolkingsgetalle van die verskillende woongebiede aandui, is hiervoor nodig. Kaart no. 5.2 en kaart no. 5.3 toon onderskeidelik die bevolkingsverspreiding van die noordelike dorpe van die Vaaldriehoek vir 1970 en 1985. Die bevolkingsgrootte van die verskillende woongebiede word deur middel van proporsionele sirkelsimbole en stippels uitgebeeld. Die mate van invulling wat daar tussen die sensusjare 1970 en 1985 plaasgevind het, kan dus op die kaarte

121 A. Nieuwoudt, *Die Vaaldriehoek as verspreide ...*, p.136.

122 Kyk kaart no. 5.1, p.80(a).

123 Suid-Afrika (Republiek), Kantoer van die Eerste Minister, *Vaalrivierkompleks ...*, p.109.



Kaart no. 5.2: Verspreiding van die bevolking, 1970

Bron: A. Nieuwoudt, *'n Oorsig oor die geskiedenis van Vereeniging* (ongep. verslag, NIVG, PU vir CHO, 1993).

waargeneem word. Kaart no. 5.2 (1970) is gebaseer op sensusgegevens vir 1970 terwyl kaart no. 5.3 op sensusgegevens vir 1985 gebaseer is.

Die proses van invulling van die tussengeleë gebiede tussen Vereeniging en Vanderbijlpark, Vereeniging en Sebokeng en Vereeniging en Meyerton kan in kaarte no. 5.4 en 5.5 waargeneem word. Dit is egter duidelik dat die tussengeleë gebiede in 1985 nog nie naastenby die bevolkingskonsentrasies van die woongebiede wat rondom die sentrale dorpsgebiede van die dorpe voorkom, kan ewenaar nie. Die verspreide ligging van Vereeniging se woongebiede, veral na die wese en noordweste, veroorsaak dat die proses van invulling die verste tussen Vereeniging en Vanderbijlpark ontwikkel is.

5.8.2 DIE KLEINHOEWEGEBIEDE

Nou verwant aan die residensiële gebiede is die kleinhoewegebiede wat rondom Vereeniging geleë is, omdat laasgenoemde ook 'n belangrike residensiële funksie vervul.


Kolonel Kallie Rood kan beskou word as die stigter van kleinhoewes in Vereeniging. Kolonel Rood se plaasgrond het aan die weste- en noordekant van die dorpsgebied van Vereeniging gegrens. In 1934 het kolonel Rood sy plaas onderverdeel en as kleinhoewes verkoop om in die toenemende vraag na behuising te voorsien. Die hoewegebied Roods Gardens wat sodoende ontstaan het, is na kolonel Rood vernoem.¹²⁴ Die koopvoorwaardes van die kleinhoewes was besonder gunstig soos blyk uit die feit dat die deposito asook die maandelikse paalement op 'n hoewe slegs 'n skrale £1 beloop het.¹²⁵

Gedurende 1935 het die kleinhoewegebied Unitas Park op die plaas Houtkop ontstaan. Die kleinhoewegebiede soos Unitas Park en Roods Gardens was buite die munisipale gebied geleë en die stadsraad het gevolglik geen jurisdiksie oor hierdie gebiede gehad nie. Die stadsraad was geensins geïnteresseerd in die kleinhoewes nie, totdat hulle deur die owerheid opdrag gegee is om aandag aan die kleinhoewes te skenk.

Vyf-en-twintig kleinhoewe-eienaars het in 1936 'n petisie opgestel met die doel om 'n Gesondheidskomitee vir die kleinhoewes te laat benoem. Die petisie is aan die Provinsiale Sekretaris gestuur wat dit na die Stadsraad van Vereeniging terugverwys het, aangesien dit owerheidsbeleid was om nie sulke komitees naby munisipaliteite in die lewe te roep nie. Die Provinsiale Sekretaris het aanbeveel dat die Stadsraad Unitas Park by die munisipale gebied moes inlyf. Vanweë die hoë finansiële kostes wat dit sou veroorsaak, het die stadsraad nie belanggestel nie. Met die oog op algemene gesondheidstoestande was die

124 F.O.F. van Aswegen, *Die geskiedenis van Vereeniging* ..., p.11.

125 W.A. Dreyer, *Ontwikkelingsplan van 'n gedeelte* ..., p.8.



Kaart no. 5.3: Verspreiding van die bevolking, 1985

Bron: A. Nieuwoudt, *'n Oorsig oor die geskiedenis van Vereeniging* (ongep. verslag, NIVG, PU vir CHO, 1993).

stadsraad egter bereid om sanitêre reëlings te tref op voorwaarde dat die kleinhoewe-eienaars die nodige fondse, plus tien persent, sou waarborg.¹²⁶

Die Administrateur van Transvaal het die plaaslike Magistraat aangestel om ondersoek na die stigting van 'n Gesondheidskomitee vir Unitas Park en Roods Gardens in te stel. Die Magistraat, sowel as die Provinsiale Sekretaris, het die inlywing van die twee kleinhoewegebiede by die munisipale gebied van Vereeniging sterk aanbeveel. Op 30 Junie 1936 het die stadsraad sy vorige besluit herroep en die twee kleinhoewegebiede is in April 1938 by die munisipale gebied ingelyf. Die kleinhoewes, met hulle finansiële las, het deel geword van die stadsraad se verantwoordelikheid. Unitas Park het eers na hierdie inlywing in 1938 vinniger ontwikkel.¹²⁷

Bogenoemde twee kleinhoewegebiede het die weg gebaan vir die ander kleinhoewes en kleinplasies om te ontwikkel.

Tot en met 1944 het die kleinhoewes baie stadig ontwikkel. Na 1944 het die ontwikkeling heelwat vinniger plaasgevind en het die onderontwikkelde kleinhoewes plek gemaak vir die goed beplande en swierige kleinhoewes. Die meer swierige kleinhoewes het in die noordoostelike gedeelte van Unitas Park ontwikkel. Hierna het die kleinhoewes progressief gegroei.

Die ander kleinhoewes en kleinplasies het as gevolg van afstand vanaf die stedelike gebied stadiger ontwikkel as Unitas Park en Roods Gardens, alhoewel hulle al so vroeg soos 1939 (Vandermerweskroonkleinhoewes) en 1940 (Houtkopkleinplasies) opgemeet is.

Tabel no. 5.2 toon die uiteensetting van die kleinplasies- en kleinhoewegebiede met hulle onderskeie opmeetdatums, asook die oorspronklike plaas waarvan hulle deel was.



Sommige van die kleinplasies, naamlik Helenasrust en Houtkop, is nie soos die kleinhoewes almal gelyktydig nie, maar stuk vir stuk opgemeet. Die datum wat in tabel no. 5.2 vermeld word is die eerste opmeetdatum en die datum tussen hakies is die laaste opmeetdatum.

126 F.O.F. van Aswegen, *Die geskiedenis van Vereeniging* ..., p.12.

127 W.F.S. Senekal, *'n Stedelik-geografiese studie van Vereeniging* ..., p.14.

VERKLARING:

-  DORPSONTWIKKELING
-  NYWERHEIDSDOELINDES
-  KONSTRUKSIEMATERIALE
-  OUPRUMTES
-  ONTSPANNING EN TOERISTE - ATTRAKSIES
-  NATUURGEBIEDE
-  LANDBOUDOELEINDES
-  LUGHAWENS
-  WATERWERKE
-  KRAGSTASIES
-  SPOORWEGSTASIES, AANSLUITINGS EN RANGEEWERWE



Kaart no. 5.4: Gidsplan van die Vaalrivierkompleks

Bron: A. Nieuwoudt, *'n Oorsig oor die geskiedenis van Vereeniging* (ongep. verslag, NIVG, PU vir CHO, 1993).

Tabel no. 5.2: Opmeetdatums van die verskillende kleinhoewes

KLEINHOEWEGEBIED	OPMEETDATUM	OORSPRONKLIKE PLAAS
Annaton Dreamlands Ebenhaezerpark Glendonald Harmoniesrus Houtkop Lenteland Roods Gardens Steelview Unitas Park Vandermerweskroon Waterdal	April 1947 Oktober 1957 November 1955 Oktober 1956 September 1952 Desember 1950 November 1946 Januarie 1934 Februarie 1947 Februarie 1935 Junie 1939 Oktober 1950	Vlakfontein Vlakfontein Vlakfontein Kookfontein Vlakfontein Houtkop Vlakfontein Houtkop Vlakfontein Steyn Houtkop Damfontein Quaggasfontein
KLEINPLASIES	OPMEETDATUM	OORSPRONKLIKE PLAAS
Helenasrust Houtkop Klipplaatdrift McKay Risi Vaalkop	1946 (1958) 1940 (1956) 1953 1952 1956 1958	Vlakfontein Houtkop Klipplaatdrift McKay Waldrift Vlakfontein ¹²⁸

Uit hierdie bogenoemde tabel no. 5.2 is dit duidelik dat die kleinhoewegebiede vanaf 1934 (Roods Gardens) tot 1958 (Vaalkopkleinplasies) ontwikkel het. Hierna het Ordonnansie no. 20 van 1957 die verdere uitbreiding van kleinhoewes beheer.


Volgens W.F.S. Senekal het die westelike gedeelte van Roods Gardens reeds in 1959 'n mate van verval getoon. Tans word groot kontraste in hierdie kleinhoewegebied aangetref. Dit blyk dat sommige kleinhoewes en kleinplasies verval, terwyl op ander luukse wooneenhede aangetref word.

Met die permanente tekort aan behuising blyk dit dat die Unitas Parkkleinhoewes en die suidelike gedeelte van die Houtkopgebied moontlik onderverdeel kan word.

In die munisipale gebied van Vereeniging word tans 1 105 kleinhoewes en 248 kleinplasies aangetref waarvan sowat 750 kleinhoewes en 149 kleinplasies bewoon word.¹²⁹ Kleinhoewes beslaan 'n totale oppervlakte van 2 514,6 hektaar van Vereeniging se

128 J.P.D. Strauss, 'n *Geografiese ondersoek na die kleinhoewes* ..., p.65.

129 J.P.D. Strauss, 'n *Geografiese ondersoek na die kleinhoewes* ..., p.67.



Kaart no. 5.5: Die evolusie van stedelike-ontwikkeling in die Vaaldriehoek, 1900-1990

Bron: A. Nieuwoudt, *'n Oorsig oor die geskiedenis van Vereeniging* (ongep. verslag, NIVG, PU vir CHO, 1993).

munisipale gebied. Hierteenoor is die oppervlakte van die stedelike gebied 4 133,0 hektaar en die oppervlakte van plaasgrond 15 051,19 hektaar.

In die kleinhoewegebiede was daar ten tye van die bevolkingsensus in 1980, 3 669 blankes woonagtig, terwyl die munisipale gebied van Vereeniging 43 420 blankes gehuisves het, waarvan 52,41% manlik en 47,59% vroulik was.¹³⁰ Die kleinhoewegebiede het dus in 1980 8,5% van Vereeniging se blanke bevolking gehuisves.

In 1986 was daar 3 730 blankes op die kleinhoewes woonagtig wat 6,8% van Vereeniging se totale blanke bevolking uitgemaak het. Uit hierdie gegewens blyk dit dus dat die blanke kleinhoewebevolking van 1980 tot 1986 met 61 persone toegeneem het.

Daar was in 1980 ook 'n swart bevolking van 2 869 woonagtig op die kleinhoewes waarvan 52,53% mans en 47,47% vroue was. Daar was 'n klein Kleurlingbevolking van 59 wat uit 61% mans en 39% vroue bestaan het. Daar was slegs ses Asiërs, bestaande uit drie mans en drie vroue, in hierdie tydperk op die kleinhoewes woonagtig. In 1986 het daar geen verdere toename in die getalle van die Asiërs voorgekom nie.


Tabel no. 5.3 toon die verspreiding van die blanke bevolking in die verskillende kleinhoewe- en kleinplasegebiede van die studiegebied.

Tabel no. 5.3: Blanke bevolkingsverspreiding in die kleinhoewegebied

KLEINHOEWE- EN KLEINPLASIEGEBIED	GETAL	PERSENTASIE
Annaton	22	0,60
Dreamlands	42	1,15
Ebenhaezerpark	16	0,44
Glendonald	259	7,06
Harmoniesrus	29	1,34
Helenaarsrust	153	4,17
Houtkop	304	8,29
Klipplaatdrift	1	0,02
Lenteland	60	1,36
McKay	89	2,42
Risi	77	2,10
Roods Gardens	318	8,67
Steeview	23	0,62
Unitas Park	2018	55,00
Vandermerweaskroon	113	3,08
Waterdal	135	3,68
Totaal	3669	100 ¹³¹

¹³⁰ Suid-Afrika (Republiek), Sentrale Statistiekdiens, *Bevolkingsensus, 1980*, verslag no. 02-80-23, pp.1 e.vv.

¹³¹ J.P.D. Strauss, *'n Geografiese ondersoek na die kleinhoewes ...*, p.68.



Kaart no. 5.6: Vereenvoudigde grondgebruikkaart van Vereeniging

Bron: A. Nieuwoudt, *'n Oorsig oor die geskiedenis van Vereeniging* (ongep. verslag, NIVG, PU vir CHO, 1993).

Die oppervlakte van die kleinhoewegebiede is volgens die Vereeniging Stadsraad 4 673,08 hektaar. Die gemiddelde bevolkingsdigtheid vir blankes is dus 0,79 persone per hektaar. Wat die totale bevolking van 6 602 betref, is die bevolkingsdigtheid 1,4 persone per hektaar.

Volgens tabel no. 5.3 blyk dit dat die twee oudste kleinhoewegebiede in die munisipale gebied van Vereeniging, naamlik Unitas Park (55%) en Roods Gardens (8,67%), die grootste blanke bevolkings huisves. In beide hierdie bogenoemde kleinhoewegebiede is weinig kleinhoewes sonder woonhuise, terwyl dit nie die geval is met die jonger kleinhoewegebiede nie. In die Unitas Park- en Roods Gardensklinhoewegebiede was daar gedurende hierdie periode onderskeidelik sewe en ses onbeboude kleinhoewes. Dit verteenwoordig 0,6% van die totale aantal kleinhoewes in Vereeniging.

Daar is reeds begin met beplanning om die Unitas Parkkleinhoewes en die suidelike gedeelte van die Houtkopkleinplasies onder te verdeel in kleiner eenhede wat die gebied se bevolkingsdigtheid baie sal verhoog.

Ander kleinhoewegebiede wat 'n redelike groot persentasie van die kleinhoewebevolking huisves, is Glendoland (7,06%), Helenasrust en Waterdal (3,68%).

Volgens Strauss¹³² is die getalle van die swartes wat op die kleinhoewes en kleinplasies in diens is redelik laag. Die beperkte grootte van die meerderheid kleinhoewes en kleinplasies lewer 'n belangrike bydrae tot hierdie verskynsel. Die meerderheid kleinhoewes en kleinplasies het een swart man en een swart vrou in diens terwyl slegs 6,7% tussen vier en ses swartes in diens het. Die Glendonaldkleinhoewes en McKay Estates wat langs die Kliprivier geleë is en waar intensiewe besproeiingsboerdery toegepas word, het gemiddeld meer swart werkers in diens. Plakkery raak egter 'n steeds toenemende verskynsel veral op die kleinhoewegebiede wat naby swart dorpe geleë is.

A.J.G. Oosthuizen het reeds in 1964 bevind dat die kleinhoewes van Vereeniging in die oorgangstadium tussen landelike en stedelike gebied is.¹³³ Daar kan dus verwag word dat landelike sowel as stedelike grondgebruik aangetref kan word.

Die verskillende grondgebruike van die kleinhoewes en kleinplasies word in kaart no. 5.6 aangetoon, wat 'n vereenvoudigde grondgebruikkaart van Vereeniging is. Die volgende grondgebruike word op die kaart aangetoon:

◆ Die stedelike gebiede van Vereeniging.

132 J.P.D. Strauss, *'n Geografiese ondersoek na die kleinhoewes ...*, p.104.

133 A.J.G. Oosthuizen, *'n Geografiese opname van die Vaalrivierdal ...*, p.81.

- ◆ Residensie op die kleinhoewes en kleinplasies.
- ◆ Boerdery.
- ◆ Weiveld.
- ◆ Kleinhandel.
- ◆ Skole.
- ◆ Onbenutte grond.

Die verskillende grondgebruik wat op die 1 353 kleinhoewes en kleinplasies in die munisipale gebied van Vereeniging beoefen word, word in tabel no. 5.4 aangetoon.

Tabel no. 5.4: Grondgebruik op al die kleinhoewes en kleinplasies

GRONDGEBRUIK	OPPERVLAKTE IN HEKTAAR	PERSENTASIE VAN KLEINHOEWES EN KLEINPLASIES
Boerdery	2 300,80	49,24
Weiveld	88,86	1,90
Hoofsaaklik residensie	1 887,39	40,39
Skole	32,84	0,70
Kleinhandel	13,53	0,29
Onbenut	349,66	7,48
	4 673,08	100 134

Uit tabel no. 5.4 blyk dit dat boerdery (49,24%) die grootste oppervlakte in die kleinhoewegebied beslaan. Saam met die oppervlakte wat vir weiveld (1,9%) gebruik word, beslaan boerdery meer as die helfte van die totale oppervlakte. Akkerbougewasse, veral mielies en voergewasse, beslaan die grootste oppervlakte van die gebied wat vir boerdery benut word. Die kleinhoewes wat nie vir residensiële of ander stedelike doeleindes aangewend word nie, word hoofsaaklik vir akkerbou benut of is tans onbenut. Die kleinhoewes wat hoofsaaklik vir residensie aangewend word, beslaan 40,39% van die totale oppervlakte van die kleinhoewegebiede. Die onbenutte kleinhoewes beslaan 7,48% van die oppervlakte en verteenwoordig 'n totaal van 55 kleinhoewes. Skole en besighede beslaan 'n baie geringe oppervlakte van die kleinhoewegebiede.

Tabel no. 5.5: Grondgebruik op die bewoonde kleinhoewes en kleinplasies

AKTIWITEIT		PERSENTASIE	
<i>Hoofaktiwiteit</i>	<i>Onderafdeling</i>	<i>Onderafdeling</i>	<i>Hoofaktiwiteit</i>
Boerdery:	Melkery	6,9	45,1
	Voerkraal	4,7	
	Hoenderboerdery	5,8	
	Kwekery	1,1	
	Akkerbou	26,6	
Residensie			45,4
Vervoeronderneming		0,9	
Metaalwerke			0,7
Professionele onderneming			1,7
Ontspanningsoord		0,2	
Kleinhandel			2,7
Opvoedkundige inrigtings			0,6
Ander			2,7
Totaal			100 135

Dit blyk dus dat 'n hoë persentasie van die kleinhoewes en kleinplasies (45,1%) uitsluitlik vir woondoeleindes aangewend word. Akkerbou (26,6%) is die belangrikste landboubedryf wat op die bewoonde kleinhoewes en kleinplasies beoefen word. Die kleinplasies, wat aanliggend aan die riviere geleë is, maak die grootste deel van hierdie 26,6% uit. Droëland akkerbou word op die ander kleinhoewes noord van Vereeniging beoefen. Mielies en voergewasse is die belangrikste landbougewasse wat op hierdie kleinhoewes verbou word.

Die beroepstruktuur van die blanke eienaars en huurders van die kleinhoewes dui daarop dat die kleinhoewegebiede as verlengstukke van die stedelike gebied van Vereeniging beskou kan word.¹³⁵

135 J.P.D. Strauss, *'n Geografiese ondersoek na die kleinhoewes ...*, p.56.

136 A. Nieuwoudt, *Die Vaaldriehoek as verspreide ...*, p.143.

Tabel no. 5.6: Beroepstruktuur van die eienaars en huurders van die kleinhoewes van Vereeniging

BEROEP	PERSENTASIE
Voltydse boer	2,2
Nywerheid en konstruksie	40,3
Mynbou	0,2
Vervoer	3,3
Pensioenaris	13,0
Staat en provinsiaal	8,1
Munisipaliteit	3,3
Finansieel	2,0
Handel	11,0
Professioneel	13,8
Ander	2,0
TOTAAL	100,0 137

Uit die tabel blyk dit dat die meerderheid van die eienaars en huurders van die kleinhoewes hul bestaan in die stedelike gebied in stedelike beroepe maak. Beroepe in die nywerheid en konstruksie is die sterkste verteenwoordig. Die relatief hoë persentasie (13,8%) van professionele beroepe is opvallend. Dit blyk ook dat die kleinhoewes 'n gewilde woongebied vir pensioenarisse is.


Volgens Strauss¹³⁷ word 91,0% van die bewoonde kleinhoewes deur die eienaar self bewoon en slegs 9,0% word deur huurders bewoon. Die kleinhoewegebiede met die hoogste persentasie huurders is Ebenhaezerpark (66,7%), Waterdal (31,0%), Annaton (20,0%) en Roods Gardens (19,4%). Volgens Van Rooyen¹³⁹ word meer kleinhoewes deur die laer inkomstegroep onder die blankes gehuur as gekoop.

Geen verdere kleinhoewe- en kleinplasia-ontwikkeling word vir Vereeniging se munisipale gebied in die vooruitsig gestel nie. Toekomstige dorpsstigting sal gedeeltes van die kleinhoewegebiede mettertyd by die stedelike gebied inskakel. Die onderverdeling van Unitas Park se kleinhoewes is 'n voorbeeld van hierdie ontwikkeling.

137 J.P.D. Strauss, 'n *Geografiese ondersoek na die kleinhoewes* ..., p.57.

138 J.P.D. Strauss, 'n *Geografiese ondersoek na die kleinhoewes* ..., p.165.

139 T.J. van Rooyen, *Twee omstedelike kleinhoewegemeenskappe: 'n vergelykende sosiologiese ondersoek* (ongep. D.Phil.-proefskrif, UP, 1960), p.214.



Kaart no. 5.7: Uitlegpatroon van Vereeniging

Bron: A. Nieuwoudt, *'n Oorsig oor die geskiedenis van Vereeniging* (ongep. verslag, NIVG, PU vir CHO, 1993).

5.8.3 DIE UITLEG VAN DORPSGEBIEDE EN GRONDGE- BRUIKSPATRONE IN VEREENIGING

Soos blyk uit kaart no. 5.7 is daar in Vereeniging veral gebruik gemaak van die roosterpatroon as uitlegvorm. Dit geld vir die sentraaldorp, Steelpark, Unitas Park, Bedworth Park, Powerville asook die meeste kleinhoewegebiede. Die later geproklameerde woongebiede soos Drie Riviere, Risiville, Waldrift, Unitas Park Uitbreiding 11, Falcon Ridge, Sonlandpark asook Rust-ter-Vaal en Roshnee het onreëlmatige uitlegvorme.

Die sentrale besigheidsgebied van Vereeniging is nie in die geografiese middelpunt van die dorp geleë nie, maar naby die suidelike grens. Dit is in hierdie omgewing dat die dorp sy ontstaan gehad het.

Kaart no. 5.8 is 'n veralgemeende grondgebruikkaart van die Vaaldriehoek wat Vereeniging en sy belangrikste grondgebruike in perspektief met die ontwikkeling in die res van die Vaaldriehoek plaas. Uit die kaart blyk dit dat Vereeniging se woongebiede meer verspreid is teenoor die kompakte vorm van Vanderbijlpark en Sasolburg. Nywerheidsontwikkeling in Vereeniging is ten suide van die dorp en wigvormig tussen die sentrale besigheidsgebied, Unitas Park en Drie Riviere geleë. Kleinhoewegebiede en plase omsoom die dorp na die noordweste, noorde, noordooste, ooste en die suidoostelike rigtings. Hierdie patroon vergestalt die natuurlike uitbreidingsrigtings van Vereeniging. Uit die groot oppervlaktes wat deur kleinhowes en plase beslaan word, is dit duidelik dat Vereeniging nog groot ruimte vir verdere stedelike uitbreiding het.

5.8.4 GEVOLGTREKKING OOR DIE GRONDGEBRUIKS- PATROON VIR RESIDENSIËLE GEBIEDE


Uit hierdie voorafgaande oorsig is dit duidelik dat die nabyheid van die Vaaldriehoekse dorpe aanmekaar veroorsaak dat die tussengeleë gebiede geleidelik ingevul word en die gebied steeds nader beweeg aan die totstandkoming van 'n aaneengeslote meerkernige metropolitaanse gebied.

Die vestigingspatrone van swart mense moet teen die agtergrond van hierdie bogenoemde geordende munisipale vestigingsproses gesien word.

5.9 PATRONE IN DIE VERSTEDELIKINGSPROSES VAN SWART MENSE

5.9.1 INLEIDING: VERSTEDELIKINGSPATRONE

Swart verstedeliking in Vereeniging het parallel met blanke verstedeliking verloop. Vanaf die oomblik dat die mynmaatskappy met die ontginning van steenkool op hulle plase aan



Kaart no. 5.8: Hoof-grondgebruiksgebiede van die Vaaldriehoek

Bron: A. Nieuwoudt, *'n Oorsig oor die geskiedenis van Vereeniging* (ongep. verslag, NIVG, PU vir CHO, 1993).

die Vaalrivier begin het, het hierdie proses van verstedeliking begin. Teen 1892 was die beskouing dat handarbeid deur swart mense verrig moes word, reeds 'n gevestigde arbeidspraktyk. Dit is onwaarskynlik dat enige myn- of sakebedrywighede sonder swart werkers aangepak sou word. Terwyl blanke verstedeliking egter as 'n spontane proses sonder inmenging van owerheidsweë verloop het, is swart verstedeliking deur 'n magdom van wette, regulasies en bywette wat deur die sentrale, provinsiale en plaaslike owerhede uitgevaardig is, gereguleer. Die promulgering en die toepassing van hierdie wette en regulasies is aangevuur deur die beskouing wat soos volg deur Stallard verwoord is:

"... natives - men, women and children - should only be permitted within municipal areas in so far and for so long as their presence is demanded by the wants of the white population".¹⁴⁰

Hierdie stelling ontbloom duidelik die anomalie in blankes se houding teenoor swart verstedeliking in die beginjare van nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika. Aan die een kant is erkenning aan hulle onontbeerlikheid as 'n arbeidsmag gegee, maar aan die ander kant sou hulle net in die dorpe en stede geduld word binne die baas-kneg verhouding. Terwyl daar dus aan die een kant aktief werwing gedoen is om swart arbeiders na die myne en industrieë te lok, is daar aan die ander kant van hulle verwag om die gebied te verlaat sodra as wat hulle dienste nie meer benodig is nie.

Nadat die trekarbeidstelsel met die gepaardgaande kampongstelsel op die diamantmyne van Kimberley getoon het dat dit 'n effektiewe stelsel was om 'n arbeidsmag te beheer, is dit ook op die ander myne toegepas. Werwingsveldtogte vir arbeiders is in die destydse Protektorate Basotholand, Betsjoeanaland en Swaziland, maar ook verder noord in Njassaland (Malawi) onderneem.

Hierdie stelsel van werwing en arbeidsbeheer het twee belangrike implikasies vir die trekarbeider en sy gesin ingehou. In die eerste plek moes so 'n arbeider sy gesin agterlaat en vir 'n tydperk van 12 tot 18 maande in 'n kampong gaan woon. Verder is daar ook geglo dat die inkomste wat die trekarbeider verdien, bloot aanvullend tot sy landbou-inkomste tuis was en derhalwe kon kleiner lone betaal word.¹⁴¹ Verder het dit ook die gevolg gehad dat alle swart arbeiders, selfs al het hulle van plase in die onmiddellike omgewing van 'n dorp gekom, as trekarbeiders beskou is aan wie lae lone betaal kon word en wat na die plek van oorsprong moes terugkeer sodra hulle werkloos geraak het.

140 Union of South Africa, *Report of the Local Government Commission*, TP 1/1922, p.48.

141 E. Webster (Ed.), *Essays in South African labour history*, p.12.

Wetgewing om swart mense se bewegings te beheer en te beperk, kon egter nooit daarin slaag om die natuurlike markkragte wat mense na plekke van ekonomiese groei aangetrek het, teen te werk nie. Soos wat die sekondêre nywerhede in jukstaposisie met die mynbou-ontwikkel het, het meer en meer swart mense hulle heil in die dorpe en stede gaan soek in die hoop dat hulle ook kon deel in die rykdom wat deur nywerheids groei gesimboliseer is. Die meeste van hulle is egter spoedig gekonfronteer met die realiteit dat die lewenskoste veel hoër as in landelike gebiede was. Hulle het ook gevind dat hulle, soos dit in die landelike gebiede die geval was, nie in die stedelike blanke gemeenskap opgeneem sou word nie.

In die hieropvolgende bespreking sal daar gepoog word om te bepaal tot watter mate hierdie stellings waar is ten opsigte van swart verstedeliking in Vereeniging.

5.9.2 DIE VESTIGINGSJARE TOT 1923

Aanvanklik het Vereeniging Estates die meeste van die werkers in die steenkoolmyne vanaf hul plase aan weerskante van die Vaalrivier gekry. Die deelsaai-ooreenkoms met swart mense het behels dat 'n aantal van die mans vir vasgestelde tydperke in die steenkoolmyne moes werk.¹⁴² Swart werknemers van sakeondernemings en individue wat hulle in Vereeniging kom vestig het, moes egter 'n heenkome in die omgewing van die vinnig groeiende dorp vind.

In hierdie opsig het die Volksraadsresolusies van 1871 en 1899 daarvoor voorsiening gemaak dat werkgewers in dorpe hulle swart arbeiders kon toelaat om in hulle agterplase te woon. Hierdie swart mense mag egter nie aan die straatfront gewoon het nie.¹⁴³ Hierdie praktyk is waarskynlik ook in Vereeniging toegepas.

Min gegewens is vir die tydperk na 1892 oor die aard en omvang van swart verstedeliking in Vereeniging bekend. Ten einde 'n beeld te kry van hoe die swart inwoners van Vereeniging hierdie verstedelikingsproses ervaar het, is dit nodig om na die algemene inligting met betrekking tot die hele land te kyk wat vir hierdie tydperk beskikbaar is.

142 S. Trapido, "Putting a plough to the ground ...", W. Beinart etc. (Eds.), *Putting a plough to the ground: accumulation and dispossession in rural South Africa, 1850-1930*, pp.339,340.

143 Union of South Africa, *Report of the Local Government Commission*, p.48.

Uit verslae van die ses kommissies van ondersoek wat vanaf 1905 tot 1922 oor aspekte rakende swart verstedeliking gerapporteer het,¹⁴⁴ blyk dit dat die algemene praktyk was dat munisipaliteite 'n stuk grond afgesonder het waarop swart mense hulle kon vestig. Hierdie gebied het as swart woonbuurte bekend gestaan. Soms is behuising voorsien, soos in Vereeniging waar die munisipaliteit op 'n klein skaal huise opgerig het.¹⁴⁵ In die meeste gevalle is standplase voorsien en moes die bewoner self die huis of skuiling oprig. 'n Gedeelte van die nominale huurgeld is gebruik om basiese sanitêre geriewe en water te voorsien. In 1919 rapporteer die Naturellesakekommissie soos volg oor die verstedelikingsproses van swart mense gedurende hierdie tydperk:

"The conditions prevailing in the urban native locations in all the provinces of the Union have been far from satisfactory ... The point of view from which natives have been regarded by the local authorities has in the past militated against any improvement of the conditions. They have been conceived as enjoying all the benefits and amenities of townlife and giving in return only trouble and annoyance. Unhappily in too frequent cases the native population was exploited for the benefit of the municipal revenue (see paragraph 249 of the Tuberculosis Commission's Report). It was forgotten that the location formed a labour reservoir for the town and that the European residents derived considerable advantage from the proximity of this form of cheap labour."¹⁴⁶

Die Munisipaliteit van Vereeniging het blykbaar reeds voor 1910 'n stuk meentgrond beskikbaar gestel waarop swart mense, aan wie werkgewers nie huisvesting kon verskaf nie, hulle kon vestig. Hierdie stuk grond was die eiendom van Vereeniging Estates, maar die gebruiksreg is aan die munisipaliteit oorgedra. Hierdie grondgebied is eers in 1914 as swart woonbuurt met 188 standplase geproklameer.¹⁴⁷ Die munisipaliteit het slegs die standplase verskaf waarop inwoners dan hulle huise na willekeur kon oprig. Teen 1919 het die swart woonbuurt reeds 'n inwonertal van 576 gehad. Meer as twee-derdes van die 1 950 swart

144 Union of South Africa, *Report of the Assaults on Women Commission*, UG 39/1913; Union of South Africa, *Report of the Tuberculosis Commission*, UG 34/1914; Union of South Africa, *Report of the Influenza Epidemic Commission*, UG 15/1919; Union of South Africa, *Report of the Housing Committee appointed by the Minister of Public Works to inquire into matters concerning housing accommodation in urban areas and the amendment of the Unhealthy Areas Bill*, UG 11/1920; Union of South Africa, *Report of the Local Government Commission*, TP 1/1922.

145 Kyk, p.70.

146 Union of South Africa, *Report of the Housing Committee appointed by the Minister of Public Works ...*, p.30.

147 Hierdie datum is uit die amptelike landmeterkennisgewing afgelei, soos in Goewernementskennisgewing no. 1704 van Desember 1932 verstrekk.

inwoners van Vereeniging was egter nog in agterplase en op nywerheidspersonele in die dorp woonagtig. Vanaf 1919 het Vereeniging 'n ontploffing in nywerheidsgroei, met 'n gepaardgaande groei in die swart inwonertal, beleef. Nog voor die inwerkingtreding van die 1923 Swart (Stadsgebiede) Wet wat aan munisipaliteite die mag verleen het om nywerhede te dwing om huisvesting aan hulle werkers te verskaf, het die meeste groot nywerhede in Vereeniging reeds die kampongstelsel toegepas. Die Corneliasteenkoolmyn en arbeidsintensiewe nywerhede soos USKO en Stewarts & Lloyds het verkies om van trekarbeid gebruik te maak. Hierdie arbeiders is dan in enkelkwartiere op die werkerterrein gehuisves. Die firma Brick & Tile Company, 'n volfiliaal van Vereeniging Estates, het benewens enkelkwartiere, ook huisvesting aan getroude werkers verskaf. Hierdie praktyk het tot die ontstaan van 'n sogenaamde privaat swart woonbuurt Mafumê gelei. USKO het ook huisvesting aan sy getroude administratiewe klerke in 'n privaat swart woonbuurt bekend as Mashogeng verskaf.¹⁴⁸

Gedurende 1923 moes die munisipale swart dorp met 'n verdere 111 standplase uitgebrei word om in die dringende behoefte aan huisvesting te voorsien.¹⁴⁹ In amptelike dokumente is daar aanvanklik na hierdie woonbuurt slegs as Vereeniging lokasie verwys, maar vanaf die 1940's kom die naam Toplokasie gereeld in dokumentasie voor. Die oorsprong van die naam Toplokasie kon nie bo redelike twyfel vasgestel word nie. Die spruit ten suide van die woonbuurt was bekend as die tôpa en moontlik het die naam Toplokasie hieruit ontstaan.¹⁵⁰

Toplokasie was ongeveer twee kilometer noord van die middedorp van Vereeniging en die Brick & Tile woonbuurt ongeveer drie kilometer suid daarvan geleë. Moontlik is die naam deur die inwoners ook gebruik om hierdie woonbuurte van mekaar te onderskei. Aangesien hierdie benaming eers na 1942 in amptelike dokumente voorkom, is dit egter meer waarskynlik dat die naam ontstaan het om onderskeid tussen die ou woongebied en Sharpeville te tref.

Die Swart (Stadsgebiede) Wet het vir twee kategorieë huisvesting voorsiening gemaak wat deur munisipaliteite aan swart inwoners voorsien kon word. In die eerste kategorie wat as lokasies bekend sou staan, sou die munisipaliteit die huisvesting self voorsien en aan die inwoners verhuur. Die tweede kategorie het as die sogenaamde natuurlike dorpe bekend gestaan. In hierdie dorpe sou die munisipaliteite slegs die standplase voorsien en die

148 E.M. Pule, Onderhoud, 28 Mei 1991; S.D. Mnandi, Onderhoud, 12 November 1991.

149 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: verslag van die kommissie oor die Vereenigingse lokasie oproer, 1937.

150 S.D. Mnandi, Onderhoud, 12 November 1991.

inwoners moes self hulle huise kon bou. Volgens die amptelike definisie was Toplokasie dus 'n natuurlike dorp en Sharpeville 'n lokasie. In die omgangstaal het Toplokasie aanvanklik as Vereeniging Lokasie en Sharpeville as Sharpe Naturelledorp bekend gestaan. As gevolg van hierdie verwarrende terminologie sal daar in hierdie bespreking na die dorpsgebiede as swart woonbuurte verwys word.

Nie al die swart werknemers in Vereeniging het binne die munisipale gebied van Vereeniging gewoon nie. Voor die inwerkingtreding van Proklamasie no. 103 van 1942, waardeur Vereeniging tot 'n sogenaamde beperkte gebied verklaar is,¹⁵¹ het baie van die inwoners van Evaton in Vereeniging gewerk.

Evaton was 'n vryvestigingsgebied wat ongeveer 20km noordwes van Vereeniging geleë is. Sommige van die inwoners van Evaton glo dat Evaton ontstaan het op grond wat deur Paul Kruger aan hulle gegee is.¹⁵² Waarskynlik het hierdie oortuiging sy oorsprong in 'n insident wat deur Keegan verhaal word¹⁵³ waartydens 'n ou swart man met die bynaam Wildebeest, vir pres. Kruger op Vereenigingstasie ontmoet het. Evaton is op 'n plaas met die naam Wildebeestfontein, aangelê. Volgens feite wat deur die Naturellesakekommissie verstrekk is¹⁵⁴ moet die ontstaan van Evaton na die grondspekulante Easton, Adams & Co. teruggevoer word wat die plaas Wildebeestfontein besit het.

Teen 1905 het hierdie firma die plaas in 2 633 een akker standplase verdeel waarvan 833 aan blankes en 1 800 aan swart mense verkoop is. Aanvanklik het die hele gebied as Evaton bekend gestaan, maar later is die blanke deel na Residensia herdoop. Op aanbeveling van die Wes-Transvaalse Naturellegrondkomitee, wat die gebied in 1918 besoek het, is die swart standplase en die aangrensende weidingsgebied, bekend as Small Farms tot oopgestelde gebied verklaar. Evaton was dus die enigste plek binne die landdrosdistrik van Vereeniging waar swart mense eiendomsreg op grond kon verkry.

5.9.3 DIE INVLOED VAN DIE SWART (STADSGEBIEDE) WET VAN 1923 OP SWART VERSTEDELIKING

Die aanvaarding van die Swart (Stadsgebiede) Wet van 1923 het vir die swart inwoners van Vereeniging verrykende gevolge gehad. In die eerste plek het die wet die beginsel van

151 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/17/B: extract from the agenda of the Non-European Affairs Committee, 10 December 1945.

152 J.C. Hlatwako, Onderhoud, 8 Junie 1990.

153 T. Keegan, *Facing the storm: portraits of black lives in rural South Africa*, pp.68,69.

154 Unie van Suid-Afrika, *Verslag van die Naturellesakekommissie vir die tydperk 1 April 1946 tot 31 Desember 1947*, UG 15/1949, pp.30-32.

stedelike rasse segregasie bevestig. Stadsrade moes lokasies of swart dorpe vestig en deur middel van lokasie regulasies beheer oor hierdie gebiede uitoefen. Hierdeur is aan swart inwoners die reg tot inspraak in die raad, of selfs net die verkiesing van lede van die raad, wat hulle doen en late sou reguleer, ontsê. Swart inwoners sou slegs 'n adviserende inspraak in die vorm van 'n Naturelle Adviserende Raad hê wat of deur die stadsraad aangestel kon word, of deur die inwoners van 'n swart dorp of lokasie verkies kon word.

Vereeniging se lokasie regulasies het bepaal dat slegs persone wat deur die stadsraad, verteenwoordig deur die Lokasie Superintendent, as geskikte inwoners gekeur was, woonregte in die swart woongebied sou verkry. Indien standplase beskikbaar was, kon die persoon 'n standplaas vir 'n tydperk van een jaar huur. Geen dienste behalwe die emmertoeiletstelsel is op die standplase voorsien nie. Waterkrane is slegs op sentrale punte deur die woongebied verskaf. Op die standplaas moes die persoon dan sy eie huisvesting voorsien. Dit kon wissel van skerms van sinkplaat en hout, tot netjies geboude klip- of steenhuise.

'n Standplaashuurder het dus eiendomsreg van die geboue gehad, maar nie van die grond waarop dit opgerig was nie. Die reg om op die grond te woon moes jaarliks deur middel van 'n permit hernu word, wat net uitgereik is indien huurgelde ten volle betaal was. By implikasie het dit beteken dat die Superintendent die woonregte van enige persoon kon terugtrek wat nie huurgelde betaal het nie, of wie se aktiwiteite as ongewens beskou is. Indien die standplaashouer se woonpermit ingetrek is, moes hy sy geboue aan 'n kandidaat wat vir die Superintendent aanvaarbaar was, verkoop. Die standplaashouer kon ook uit eie beweging die geboue verkoop of aan sy erfgename bemaak. In so 'n geval was dit die prerogatief van die Superintendent om te besluit of 'n woonpermit aan die nuwe eienaar uitgereik sou word. Indien 'n woonpermit gekanselleer is, kon die persoon by die stadsraad appelleer teen die besluit van die Superintendent. In Vereeniging is woonpermitte van standplaashouers selde teruggetrek soos blyk uit die volgende verklaring van die Superintendent:

"Admittedly, in many Urban Locations, Standholders are evicted from their Sites for trifling reasons, e.g. merely being unemployed for a few weeks; but this is certainly not the case at Vereeniging."¹⁵⁵

Indien geen standplase beskikbaar was nie, moes 'n voornemende inwoner huisvesting by een van die standplaashouers soek. Die Superintendent het dan aan hom 'n loseerderspermit uitgereik, maar hierdie permit moes maandeliks hernu word.

155 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: report by D.B. Naude, location superintendent, n.d.

Loseerderspermitte is slegs aan getroude mans uitgereik. Eers na 1935 kon ongetroude mans hulle wettig in die swart woonbuurt vestig nadat die stadsraad hostelle vir die doel opgerig het. Daar is ook vir die huisvesting van 20 ongetroude vroue voorsiening gemaak, maar oor die algemeen het die Superintendent geweier om aan ongetroude vroue loseerderspermitte toe te staan. Dit het meegebring dat mans en vroue voorgegee het dat hulle volgens gewoontereg getroud was, net sodat hulle woonreg kon verkry.¹⁵⁶ Enige persoon wat sonder 'n woonpermit of loseerderspermit in die swart woongebied betrap is, was skuldig aan 'n kriminele oortreding.¹⁵⁷ Nie-betaling van huur was ook 'n kriminele oortreding. Uit die groot inkomste verkry uit boetes kan afgelei word dat die praktyk in Vereeniging was om nie-betalers eerder te vervolg as om hulle woonregte te ontsê. Vir die 1937/38 finansiële jaar was die inkomste uit boete byvoorbeeld £494.¹⁵⁸

Toplokasie het dus onder die direkte bestuur van 'n blanke superintendent gestaan. Sy vernaamste taak was die kontrolering van vestiging in en besoeke aan die swart woonbuurt, asook die invordering van standplaas huur en loseerdersfooie. Hierin is hy bygestaan deur twee swart munisipale polisiemanne wat deur homself uitgekies en aangestel is. Teen 1937 het die munisipale polisiekorps reeds uit agt lede bestaan.

'n Naturelle Adviserende Raad bestaande uit ses verkose en drie genomineerde lede, is kragtens die Swart (Stadsgebiede) Wet in 1925 saamgestel. Aanvanklik het die verkiesing van adviesraadslede per geslote stembrief uit 'n aantal genomineerde kandidate geskied, maar in 1932 het die Superintendent na 'n besoek aan Port Elizabeth besluit om die blokstelsel in werking te stel.¹⁵⁹ Hiervolgens is die woongebied in ses blokke verdeel en moes die inwoners van 'n blok kandidate uit die blok benoem waaruit 'n blokverteenwoordiger verkies is. Hierdie stelsel is eers in 1935 amptelik deur die stadsraad goedgekeur waarna die woonbuurt in sewe blokke verdeel is. Die stadsraad het ook besluit dat die blokverteenwoordiger deur die opsteek van hande op 'n ope vergadering verkies sou word. Klagtes van inwoners oor hierdie praktyk het in 1938 tot die behoud van die blokstelsel, maar tot die herinstelling van die geslote stembriefstelsel gelei.¹⁶⁰ 'n Agtste

156 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from H.U. Davidson to the Town Clerk, 15 December 1936.

157 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: extract from the minutes of a meeting of the Town Council of Vereeniging, 26 February 1935.

158 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/16, vol. 1: estimates of income and expenditure 1939-1940, 22 September 1939.

159 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from P.S. Molefe to the Town Clerk, 6 January 1933.

160 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from the Town Clerk to the Secretary for Native Affairs, 20 June 1938.

blokman wat na die belange van die Kleurlinggemeenskap moes omsien, is in 1936 aangestel. Hierdie lid is nie as 'n amptelike lid van die Naturelle Adviserende Raad beskou nie en het ook geen vergoeding vir sy dienste ontvang nie.¹⁶¹ Skynbaar was die meerderheid inwoners van die Kleurlingdeel swart mense, want die blokman wat amptelik vir die blok verkies is, was 'n swart man.¹⁶²

Die eerste superintendent, D.B. Naude, het sekere van sy pligte na die adviesraadslede gedelegeer. Hulle was hoofsaaklik vir die beheer oor vestiging verantwoordelik. Die uitreiking van loseerderspermitte is aan hulle diskresie oorgelaat, wat slegs deur die Superintendent bekragtig is. Na die instelling van die blokstelsel is 'n adviesraadslid ook verantwoordelik gehou vir die handhawing van die goeie orde in sy blok. Verder moes hy ook dispute tussen individue in sy blok aanhoor en besleg. Aanvanklik is daar van owerheidsweë gevoel dat die adviesraadslede hierdie diens gratis moes verrig, maar na vertoë dat hulle tot drie ure per dag aan hierdie pligte afstaan, is daar in 1936 besluit om 'n vergoeding van 8/- per maand aan elke blokman te betaal.¹⁶³

In 1933 het die stadsraad besluit om 'n Naturellesakekomitee in die lewe te roep om kontrole oor die bestuur van die swart woonbuurt uit te oefen. Hierdie komitee het uit vyf stadsraadslede bestaan en die Voorsitter van hierdie komitee sou ook as Voorsitter by die vergaderings van die Naturelle Adviserende Raad optree.¹⁶⁴

Kragtens die Swart (Stadsgebiede) Wet was munisipaliteite verplig om 'n geskikte woonarea met basiese dienste aan die swart mense wat binne die munisipale gebied werksaam was, te verskaf. Ten einde die dienste aan swart woonbuurte te finansier, het die Swart (Stadsgebiede) Wet voorsiening gemaak vir die daarstelling van die sogenaamde Naturelle Inkomsterekening. Alle gelde verkry vanaf swart inwoners moes in hierdie rekening gestort word. Dit het onder meer die volgende gelde ingesluit: huurgelde betaal vir standplase of munisipale huisvesting, loseerdersfooie, boetes vir oortreding van lokasieregulasies, hondelisensies, fietslisensies, begrafnisfooie. Hierdie gelde is uitsluitlik vir die verskaffing

161 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from the Coloured Committee to the Town Council, 4 May 1936.

162 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from Vorster, Carter & Steyn to the Town Clerk, 14 December 1936.

163 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from the Town Clerk to the Secretary for Native Affairs, 12 February 1936.

164 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: report of the Sub-committee appointed by the Vereeniging Town Council to investigate and report generally on matters relating to the conduct of the native location and especially with a view to tightening up the regulations relating to lodging in the location, 6 March 1933.

van dienste in die swart woonbuurt aangewend. Goedkeuring vir debitering van dienste teen die Naturelle Inkomsterekening moes van die Minister van Naturellesake verkry word.

Uit korrespondensie tussen die Stadsraad van Vereeniging en die Departement van Naturellesake is dit duidelik dat hierdie twee instansies nie altyd dieselfde vertolking aan die begrip dienste gegee het nie. Die stadsraad was byvoorbeeld van mening dat hulle huurgelde vir die grond waarop die swart woonbuurt geleë is kon hef. Die stadsraad wou hierdie huurgeld uit die Naturelle Inkomsterekening verhaal op grond van die feit dat hulle die grond meer winsgewend vir ander doeleindes kon aanwend.¹⁶⁵ Dié versoek is deur die Minister geweier, maar so ook die versoek dat voedselrantsoene aan behoeftige swart mense uit hierdie rekening verskaf kon word.¹⁶⁶ Op 'n versoek van die stadsraad om £100 te spandeer om die kroningsplegtigheid van koning George V in 1937 te vier, antwoord die departement soos volg:

"... such expenditure is not a "service" for the benefit of the natives, according to the construction put upon this term by the Government Law Advisers. The minister hopes that the Council will realise the wisdom of preserving the location funds for location improvements, which in Vereeniging appear to be particularly necessary. At the same time, he appreciates the desire of the Council that its natives should take part in the forthcoming celebrations and trusts, therefore, that it will be consider making a contribution for the purpose from its own funds - in recognition of the service which the location is to the town".¹⁶⁷

Alhoewel 'n Staatsdienskommissie, die sogenaamde Smitkommissie, in 1942 beklemtoon het dat die doel met hierdie Naturelle Inkomsterekening nie was dat die armste deel van die bevolking self vir al hulle dienste moes betaal nie, maar slegs om te verseker dat hulle geld nie vir ander projekte aangewend word nie, het die daarstelling van die Naturelle Inkomsterekening tog tot gevolg gehad dat stadsrade aanvaar het dat alle dienste aan swart inwoners uit hierdie rekening gefinansier moes word. Selfs die salarisse van blanke personeel wat deur stadsrade in die swart woonbuurte aangestel is om beheer en kontrole uit te oefen, is uit hierdie rekening verhaal. Daar was dus min fondse vir die lewering van

165 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from the Secretary for Native Affairs to the Town Clerk, 9 September 1926.

166 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from the Secretary of Native to the Town Clerk, 18 December 1935.

167 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from the Secretary for Native Affairs to the Mayor of Vereeniging, 8 April 1937.

noodsaaklike dienste beskikbaar.¹⁶⁸ Die Stadsraad van Vereeniging was geen uitsondering nie.

Aanvanklik was standplaashuur, loseerdersfooie en heffingsgelde vir sanitasie en water die vernaamste bronne van inkomste vir die Vereenigingse Naturelle Inkomsterekening. Elke persoon aan wie 'n standplaas toegeken is, moes 'n vasgestelde bedrag huurgeld betaal. Hierdie huurders kon dan weer akkommodasie aan loseerders onderverhuur. Elke loseerderfamilie moes ook 'n loseerdersfooi aan die munisipaliteit betaal ten einde 'n woonpermit te bekom. Dit was 'n besonder winsgewende bron van inkomste vir die inkomsterekening, want ongeag die aantal loseerderfamilies op 'n perseel, is net een toilet voorsien wat ook net driemaal per week skoongemaak is.

In Vereeniging is die fondse uit die Naturelle Inkomsterekening in die eerste plek gebruik om ontwikkelingswerk in die swart woongebied te finansier en basiese sanitêre dienste en water te voorsien. Tot met die 1939/40 boekjaar het die Vereenigingse Naturelle Inkomsterekening jaarliks 'n surplus getoon.

Hierdie woongebied is ook stelselmatig uitgebrei. In 1927 is 120 standplase by die bestaande 299 gevoeg. Gedurende 1931 is 'n bykomende 168, en in 1932 'n verdere 202 standplase in die woongebied voorsien. Dit het die totale getal standplase op 807 te staan gebring.

Die algemene dorpsuitleg het soos volg daar uitgesien. Sestien van hierdie standplase is as oop ruimtes uitgehou, veertien is aan kerke toegeken en ses is as handelspersele gereserveer. Die standplase wat voor 1923 toegeken is, het 'n oppervlakte van 50 x 50 voet gehad. 'n Blok standplase is van 'n ander blok deur 'n 15 voet breë straat aan die voorkant en 'n smal dienslaan aan die agterkant geskei. Na 1923 is die persele tot 75 x 50 voet vergroot en die strate tot 30 voet verbreed.

Slegs basiese dienste is in die woonbuurt voorsien. Die strate is eers in 1935 van name voorsien omdat die poskantoor geweier het om straataflewering van pos te doen indien die strate nie duidelike naamborde gehad het nie. Teen 1936 was net een van die strate met elektriese straatligte voorsien. Elke standplaas is van 'n emmer-toilet wat driekkeer per week skoongemaak is, voorsien. In die latere uitbreidings is ook openbare spoeltoiletblokke, met aparte seksies vir mans en vroue, gebou. Water is deur middel van 26 krane voorsien, wat deur die woonbuurt op sentrale punte geïnstalleer is. Die wasgeriewe het uit twee stortblokke bestaan waarin vyf storte vir mans en vyf vir dames voorsien is. Aangesien

168 Union of South Africa, Departement of Native Affairs, *Report of the Inter-departmental Committee on the social, health and economic conditions of urban natives*, GPS 3826/1942, p.17.

daar nie 'n rioolstelsel en stormwaterdreineringsstelsel voorsien is nie, het afloopwater sommer op die erwe of in die dienslane uitgespoel.¹⁶⁹

Kapitaal fondse en die opgehoopte wins in die Naturelle Inkomsterekening¹⁷⁰ is gebruik om ses drie-vertrek en 36 twee-vertrek huise op te rig wat onderskeidelik teen 24/- en 20/- verhuur is. Die ander huise is deur die eienaars self gebou. Die boumateriaal was hoofsaaklik klip wat die mense uit 'n nabygeleë steengroef langs die woonbuurt uitgehaal het. 'n Standplaashuurder het benewens 'n huis vir homself ook 'n aantal ander vertrekke op sy perseel gebou wat hy dan aan loseerders verhuur het. Geen beperking is op die aantal strukture op 'n erf geplaas nie. Daar is wel bepaal dat nie meer as een loseerderfamilie in dieselfde kamer gehuisves kon word nie.

Die Naturelle Inkomsterekening het ook die fondse vir die bou van ses hostelle met 'n totaal van 200 beddens vir ongetroude mans en drie hostelle met 'n totaal van 20 beddens vir ongetroude vrouens, verskaf. In 1937 is een van die dameshostelle in 'n poskantoor omskep.¹⁷¹ Daar is ook 'n groot gemeenskapsaal, asook 'n huis en kantore vir die superintendent gebou. Die oop standplase is saamgegroepeer om 'n dorpsplein te vorm. 'n Tennisbaan is op hierdie dorpsplein opgerig. 'n Groot sementblad is ook gegooi sodat mense daar kon vergader. 'n Stuk grond net langs die woonbuurt is deur die munisipaliteit laat skraap om as twee sokkervelde te dien.¹⁷²

Alhoewel die Stadsraad van Vereeniging eers in 1932 regulasies uitgevaardig het wat die huisvesting van swart mense in die blanke gebied moes reguleer, is dit tog duidelik dat die idee van rasseskeiding gesteun is en dat alle persone wat nie van suiwer Europese afkoms was nie, hulle binne of in die omgewing van die swart woonbuurt moes vestig. Ten spyte van die feit dat die Swart (Stadsgebiede) Wet van 1923 nie veronderstel het dat Kleurlinge aan dieselfde segregasiebeleid onderwerp moes word nie, was die stadsvaders van Vereeniging gedetermineerd dat Kleurlinge in die suidelike deel van die swart woonbuurt moes woon en aan dieselfde reëls en regulasies as die swart mense onderwerp moes

169 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: report of inspection at Vereeniging by Inspector of Urban Locations, 1 and 2 February 1937.

170 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from the Secretary for Native Affairs to the Town Clerk, 8 July 1935.

171 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from the Town Clerk to the District Engineer, 12 January 1938.

172 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: report of inspection at Vereeniging by Inspector of Urban Locations, 1 and 2 February 1937.

word.¹⁷³ Hierdie beleid word deur die volgende voorbeeld bevestig. In 1935 rig mnr. W.J. Reyners, die skoolhoof van die Kleurlingskool, die volgende navraag aan die stadsraad:

"I will be very glad if you can enlighten me why I must fall under the jurisdiction of the Regulations of the Vereeniging Native Location and not direct under the Bye-laws of the Vereeniging Municipality."¹⁷⁴

Hierop het die Stadsklerk soos volg geantwoord:

"Please note that the reservation for the residence of Coloured People is incorporated in the Location for purposes of control and forms part of the Location. It is for this reason that the Location Regulations are applied to you."¹⁷⁵

Reeds in 1903 het 'n woonbuurt vir Asiërs, die sogenaamde Asiatiese Bazaar, tot stand gekom waar Indiërs en Chinese hulle kon vestig. Hierdie gebied wat reg langs die bogenoemde Toplokasie geleë was, is eers in 1918 geproklameer.¹⁷⁶ Teen 1932 het die Asiatiese Bazaar 'n inwonertal van 142 gehad en is 29 winkels hier bedryf, naamlik sestien kruidenierswinkels, sewe groentewinkels, vier slaghuise, 'n haarkapper en 'n wassery.¹⁷⁷ Dit blyk ook dat 'n persoon van Arabiese afkoms vir etlike jare in Toplokasie gewoon het.¹⁷⁸

Die voortbestaan van Toplokasie is deur politieke faktore geraak. Dit blyk uit die volgende uiteensetting.

-
- 173 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from A. Smith to Vereeniging Health Committee, 3 September 1932; Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from W. Reynecke to the Town Clerk, 19 June 1935; Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from G.L. Fredericks to the Town Clerk, 17 November 1936.
 - 174 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from W.J. Reyners to Town Clerk, 21 June 1935.
 - 175 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from the Town Clerk to W.J. Reyners, 21 June 1935.
 - 176 Town Council of Vereeniging, Group Areas, file 131/6, vol. 1: letter from the Surveyor-general to the Town Clerk, 9 November 1951.
 - 177 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from the Location Superintendent to the Town Clerk, 5 December 1932.
 - 178 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/13, vol. 2: extract from the minutes of the Native Affairs Committee, 15 November 1943.

5.9.4 DIE ONTSTAAN VAN SHARPEVILLE

Die idee om Toplokasie te verskuif was reeds vanaf 1935 op die beplanningstafel. Langsame onderhandelings is met Vereeniging Estates aangekoop om ander dorpsgrond vir die vestiging van swart woonbuurte te bekom. Die stadsvaders het met die ontwikkeling van Toplokasie duidelik nie voorsien dat Vereeniging so vinnig sou groei en dat die dorpsuitbreiding noordwaarts sou geskied nie. Teen 1935 was dit duidelik dat die swart woonbuurt binne die volgende dekade deur blanke woonbuurte en nywerhede omring sou wees. Daarom is besluit om die swart mense na 'n gebied suid van Vereeniging te verskuif. Hierdie besluit het inhiberend op die ekonomiese en maatskaplike lewe van die inwoners van Toplokasie ingewerk. Alhoewel daar nog ruimte vir uitbreiding was het die stadsraad besluit om die woonbuurt se grootte op die 61 morg te beperk wat dit reeds beslaan het. Geen verdere uitbreidings of verbeterings aan huise is ook toegelaat nie. Dit was 'n maatreël om die kompensاسie wat uiteindelik aan huiseienaars betaal sou moes word te beperk.¹⁷⁹ Die Rooms Katolieke kerk het byvoorbeeld net toestemming gekry om 'n saal op te rig wat as skool sou dien, nadat hulle onderneem het om nie kompensاسie daarvoor te eis nie.¹⁸⁰

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog het Vereeniging as gevolg van die aanvraag na staalprodukte, grootskaalse uitbreidings beleef. Derhalwe was daar ook 'n toenemende aanvraag na swart werkers en het die swart inwonertal in Vereeniging inderdaad toegeneem. Baie min nuwe huisvesting is egter deur nywerhede beskikbaar gestel en swart mense moes dus 'n heenkome in die alreeds oorvol Toplokasie vind. Die hoop om 'n huiseenaar te word was uiters skraal, aangesien geen nuwe standplase beskikbaar gestel is nie. Duisende mense is dus gedwing om 'n loseerdersbestaan te voer. Die Superintendent het reeds in 1939 die mening uitgespreek dat die meeste van die ongeveer 5000 loseerders graag standplaashuurders sou word, indien persele beskikbaar was. Hierdie loseerders was volgens die Superintendent inderdaad werkende mense en nie leegglêers of plakkers nie.¹⁸¹

Die feit dat geen nuwe ontwikkeling plaasgevind het nie, het meegebring dat die behuisingstoestand in Toplokasie vinnig versleg het. Volgens die beplanning sou dit slegs sowat vyf jaar neem om al die swart mense in die nuwe woonbuurt te hervestig, sodra daar

179 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/5, vol. 5: letter from the Manager Non-European Affairs Department to the Town Clerk, 28 April 1950.

180 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from the Town Clerk to Bishop O'Leary, 6 February 1939.

181 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/16, vol. 1: letter from H.U. Davidson to the Town Treasurer, 23 June 1939.

met die skema begin is. Uiteindelik sou meer as twintig jaar verloop voordat Toplokasie finaal ontruim is, en teen daardie tyd was dit 'n volskaalse krotbuurt.

Verskeie faktore het bygedra tot die vertraging van die daargestelling van 'n nuwe swart woonbuurt. Die grond waarop Sharpeville gevestig moes word het aan Vereeniging Estates behoort. Ongeveer 300 morg van hierdie grond is in 1942, na sewe jaar van onderhandelings, deur middel van 'n ruiloorreënkoms bekom. 'n Verdere 300 morg is reeds in 1941 aangekoop.¹⁸² Na die transporterings van die grond in 1942 is daar onmiddellik met die bouwerk aan die eerste fase van Sharpeville begin. Die probleme om boumateriaal in oorlogstyd te bekom, het egter veroorsaak dat daar teen 'n slakkepas gevorder is.

Sharpeville is na 'n voormalige burgemeester van Vereeniging, J.L. Sharpe, vernoem. Amptenare van die Stadsraad van Vereeniging het dikwels na Sharpeville as 'n model swart dorp verwys, maar hierdie mening is nie altyd deur kontemporêre waarnemers of die swart inwoners self gehuldig nie. Terwyl Sharpeville nog in die beplanningsfase was, het die Stadsgeneesheer sekere vereistes neergelê wat hy as minimum standarde vir 'n sub-ekonomiese huis beskou het. Onder andere het hy aanbeveel dat elke huis ten minste vier vertrekke, plus 'n badkamer of stort, lopende water in die badkamer en kombuis en 'n spoeltoilet moes hê.¹⁸³ Die stadsraad was egter van mening dat sulke huise te duur sou kos en het beoog om hoofsaaklik drie-vertrek huise te bou.¹⁸⁴ Hiermee wou die Nasionale Behuising- en Beplanningskommissie, wat die sub-ekonomiese behuisingslening verskaf het, nie genoeë neem nie, en Vereeniging moes derhalwe die sogenaamde Brakpanhuise bou. Hierdie vier-vertrek huise het betondakke, bedek met 'n teerlaag en 'n buitetoilet met die emmerstelsel gehad.¹⁸⁵

Die gehalte van die huisvesting en die uitleg van die woonbuurt is ook deur J.T. Louw tydens sy ondersoek in 1945 gekritiseer. Sy vernaamste besware was dat die grondkontoere glad nie in aanmerking geneem is nie, en dat die huise te simmetries in blokke van 28 huise gerangskik is. Vir elke 14 huise is daar een waterkraan voorsien, terwyl badgeriewe slegs uit twee kommunale stortkomplekse, elk met 32 stortkoppe bestaan het. Hierdie twee stortkomplekse is in twee verdeel, met agt warmwaterstorte en agt

182 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from Bowman, Gilfillan & Blacklock to the Town Clerk, 27 April 1942; Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from the Acting Secretary, Vereeniging Estates to the Town Clerk, 26 July 1941.

183 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from F.W. Jameson to P.E. Gale, 13 April 1942.

184 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from Town Engineer to the Chairman and members of the Native Affairs Committee, 7 August 1940.

185 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2/A: report by Town Clerk on new native location sub-economic housing scheme, 16 April 1942.

kouewaterstorte vir mans en dames onderskeidelik. Net die warmwaterstorte was onderdak. Die vier-vertrekhuise het nie gange gehad nie en die verskillende vertrekke is ook nie van deure voorsien nie. Daar is slegs 'n koepelvormige opening tussen die vertrekke gelaat. Dit het 'n totale gebrek aan privaatheid meegebring, tensy 'n huurder dit kon bekostig om deure aan te bring. Die koepelvormige betonplate moes ook terselfdertyd as dak en plafon dien en die mure is nie tot teen die dak gepleister nie.¹⁸⁶

Die vernaamste beswaar van die inwoners self was die gebrek aan badgeriewe, lopende water en die tekort aan stowe. Aanvanklik was die beplanning om in elke huis 'n koolstoof te sit, maar weens die oorlogstoestand was stowe nie geredelik beskikbaar nie. Derhalwe is huurders toegelaat om kolepanne of vuurblikke in die huise te gebruik.¹⁸⁷ Teen 1946 toe daar met die bou van die derde fase van Sharpeville begin is, is sommige huise wel van badkamers en elke erf van 'n waterkraan voorsien. Die stadsraad het ook vrugtebome teen kosprys aan die inwoners voorsien.

Aanvanklik het die inwoners van Toplokasie met groot verwagting na die daarstelling van 'n nuwe woonbuurt uitgesien, veral omdat hulle gehoop het dat hulle eiendomsreg op die grond sou kon kry, of dan ten minste weer eiendomsreg op die geboue.¹⁸⁸ Eiendomsreg op grond is egter deur die Swart (Stadsgebiede) Wet van 1923 verbied en die stadsraad was ook van plan om alle geboue in die nuwe woonbuurt self te laat bou en dan te verhuur. Die motivering vir hierdie besluit, kan gevind word in 'n memorandum wat deur die Departement van Naturellesake aan stadsrade wat nuwe woonbuurte wou vestig, beskikbaar gestel is. Die stelsel van huurhuise is beskou as meer in lyn met die gees van die Stadsgebiede Wet wat daarop gemik was om segregasie te implementeer en die swart inwoners van 'n stedelike gebied te beperk tot die arbeidsbehoefte van die dorp of stad. Verder is sub-ekonomiese lenings ook net toegestaan indien die huise die eiendom van die plaaslike regering sou bly.¹⁸⁹

In 'n memorandum aan die stadsraad het die Naturelle Adviserende Raad van Toplokasie die volgende sterk standpunt oor hierdie besluit van die plaaslike owerheid ingeneem:

186 J.T. Louw, *Naturelle en lokasies onder die beheer van ...*, pp.31-41,159,160.

187 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/13/B: extract from the minutes of the Native Affairs Committee, 14 June 1943.

188 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: memorandum on the question of the establishment of a new native location, by the Location Advisory Board, representing the owners of houses and tenants of the municipal houses in the existing native location, 9 August 1939; Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: resolutions of the Location Advisory Board, 3 March 1941.

189 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2/B: memorandum for the guidance of local authorities who desire establish locations and provide housing therein, 30 July 1940.

"We have indicated earlier that a growing number of Natives would like to live in owner-built houses and that it would serve no useful purpose to crush their aspirations in this direction. It is possible that many Europeans continue mistakenly to regard the Native population in the towns as fluid and to look to the reserves as the permanent home of the Native. South Africa is fast becoming industrialised, and in the process of industrialisation the Native is being drawn away from the Reserves ... he must be given the opportunity of a settled life with his family in the urban areas."¹⁹⁰

Na herhaaldelike versoë het die stadsraad besluit om 'n gedeelte van die grondgebied in Sharpeville opsy te sit vir 'n eienaar-bouerskema. Hierdie deel sou dan as Phomelong bekend staan.¹⁹¹ Dit het egter gou duidelik geword dat baie min mense oor die kapitaal beskik het om hulle eie huise te bou. Boulengings vir swart mense was onverkrygbaar omdat hulle nie eiendomsreg op die grond besit het nie. Derhalwe het die stadsraad onderneem om die huise te bou en dan te herverkoop onder die 99-jarige huurpagskema, maar weens die gebrek aan fondse het Phomelong vir etlike jare nooit verder as die beplanningstadium gekom nie.¹⁹²

Die vestiging van Sharpeville het nie die behuisingsprobleem van swart mense in Vereeniging opgelos nie. Die stadsraad het die nuwe woonbuurt beplan ten einde die oue op te ruim en nie om aan die groeiende getal swart inwoners huisvesting te verskaf nie. Slegs persone wat woonpermitte of loseerderspermitte vir Toplokasie gehad het, sou in Sharpeville hervestig word en elke huis of woonstruktuur wat in Toplokasie ontruim is, is gesloop. Teen 1941 het Vereeniging reeds 'n swart inwonertal van 39 000 gehad, waarvan ongeveer 16 000 amptelik in Toplokasie huisvesting gevind het.¹⁹³ Die stadsraad het alles in sy vermoë gedoen om die vestiging van nuwe intrekke in Toplokasie te verhinder. Daar is besluit dat loseerderpermitte net aan die minderjarige kinders van inwoners, die vroue van inwoners, kinders wat na invalide ouers moes omsien en persone wat noodsaaklike dienste verrig het, soos onderwysers en predikante, toegeken sou word.¹⁹⁴ Hierdie besluit het

190 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/5, vol. 2: memorandum submitted to the Manager of Native Affairs and the Town Council of Vereeniging on questions relating to the new location, August 1944.

191 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/5, vol. 2: letter from the Town Clerk to the Secretary, Native Advisory Board, 7 December 1945.

192 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/5, vol. 3: minutes of the 16th Advisory Board meeting held at Sharpe Native Township, 2 June 1947.

193 J.T. Louw, *Naturelle en lokasies onder die beheer van ...*, pp.18,19.

194 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/12, vol. 2: extract from the minutes of the Non-European Affairs Committee, 12 July 1944.

verrykende gevolge vir vroue wat volgens gewoontereg getroud was, gehad omdat hulle hul woonregte verloor het wanneer hulle eggenotes gesterf of hulle verlaat het. Hierdie besluit het 'n jarelange praktyk van die superintendent om nie loseerderpermitte uit te reik aan vroue wat nie 'n huweliksertifikaat kon toon nie, bekragtig. Katrina Liphoto het byvoorbeeld as gevolg van hierdie rede haar woonpermit verloor omdat sy reeds vir nege jaar in Toplokasie gewoon het.¹⁹⁵ Emily Mothopi het eweneens haar woonpermit vir Sharpeville verloor nadat sy reeds 27 jaar in Vereeniging gewoon het.¹⁹⁶ In 1947 is daar besluit om ook woonpermitte aan oud-soldate toe te staan, mits hulle voor hulle vertrek op aktiewe diens in Vereeniging woonagtig was.¹⁹⁷

Aangesien woonpermitte van loseerders maandeliks hernu moes word, kon die Superintendent na willekeur van mense wat hy nie as geskikte inwoners beskou het nie ontslae raak. Indien hy nie hierdie inwoners se huurgeld aanvaar het nie, het hulle hulle verblyfreg verloor.¹⁹⁸ Selfs al het 'n nuwe inwoner 'n huis in Toplokasie gekoop, kon 'n woonpermit hom geweier word. In 1947 het die 64-jarige Jacob Naare byvoorbeeld vir hom 'n huis in Toplokasie gekoop. Hy was 'n werknemer op die plaas Wolwehoek wat dakloos gelaat is nadat die eienaar van die plaas oorlede is. Sy seun was by African Cables werksaam en het in Toplokasie gewoon. Ten spyte van die pleidooi van die regsvertegenwoordigers dat hy deur die hele Anglo-Boereoorlog aan die kant van die Boere geveg het en steeds probeer het om 'n produktiewe lewe deur karweiwerk te lei, het die stadsraad geweier om aan hom 'n woonpermit toe te staan. Die motivering vir die besluit was dat dit 'n presedent sou skep en gesien teen die agtergrond van die swart behuisingsnood, sou bydra tot die vertraging in die ontwikkeling van die blanke woonbuurt Duncanville.¹⁹⁹

195 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/12/B: letter from H. Slomowitz to the Superintendent of the location, 15 July 1942.

196 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/13/C: letter from Mandela & Tambo to the Town Clerk, 26 November 1954.

197 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/13, vol. 2: extract from the minutes of the Non-Europeans Affairs Committee, 8 May 1947.

198 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/13/B: letter from H. Slomowitz to the Town Clerk, 19 January 1942; Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/13/B: letter from H. Slomowitz to the Location Superintendent, 16 April 1942.

199 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/13, vol. 2: extract from the minutes of the Non-European Affairs Committee, 12 June 1947; Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/13, vol. 2: brief van Vorster, Carter & Steyn aan die Superintendent, Vereeniging lokasie, s.j.

Talle mense het egter daarin geslaag om woonpermitte te bekom, aangesien die munisipale polisiemanne hierdie permitte sonder die medewete van die Superintendent, verkoop het.²⁰⁰

Ten einde die vraag na huisvesting wat deur die stadsraad voorsien moes word te verminder, is die praktyk om privaat huisvesting te lisensieer gewysig. Vanaf 1932 moes persone wat self huisbediendes wou huisves 'n goedkeuringsertifikaat van die Gesondheidsdepartement verkry. Hierdie sertifikaat is net uitgereik as die Gesondheidsbeampte tevrede was dat behoorlike sanitasie en woongeriewe beskikbaar was. Vanaf 1940 is geen persele meer gelisensieer nie. Die stadsraad het gevoel dat te veel huisvesting afgekeur sou moes word indien daar aan die streng voorskrifte van die Gesondheidsbeampte voldoen moes word.²⁰¹ Derhalwe is 'n groot aantal swart werkers wat nie huisbediendes was nie op onwettige wyse in agterplase, sinkskure en motorhuise gehuisves. Die omvang van hierdie praktyk het eers in 1950 duidelik geword toe lisensiering heringestel is. Die stadsraad moes aan talle werkgewers 'n jaar uitstel gegee het om hulle behuising in orde te kry, aangesien die raad nie aan hierdie werkers behuising kon voorsien nie.²⁰²

Hierdie huisvestingsnood is verder vererger deur 'n gebruik van nywerhede om werknemers wat weens ouderdom ontslaan is, uit die betrokke maatskappy se verblyfplek te sit. 'n Voorbeeld van so 'n geval kan vermeld word. 'n Swart werker is na 16 jaar diens by Brick & Tile Company weens swak gesondheid ontslaan waarna hy 'n ander heenkome moes vind.²⁰³

Die probleem het gedurende 1944 veroorsaak dat 'n groep van 43 families die stadsraad gedwing het om aan hulle woningnood aandag te gee. Hulle het uit nood 'n plakkerskamp, bekend as Shanty Town, reg langs Sharpeville gevestig. Die stadsraad moes hulle noodgedwonge na Toplokasie verskuif, waar hulle tydelike woonpermitte ontvang het wat andersins nie moontlik was nie.²⁰⁴

200 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/5, vol. 2: minutes of a special Advisory Board meeting, 15 September 1944.

201 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/17/B: notes of the proceedings of a meeting between representatives of the Council and Native Affairs Department, 7 December 1944.

202 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/4: minutes of the Ordinary Finance and General Purpose Committee, 21 May 1951.

203 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/13, vol. 2: extract from the minutes of the Non-European Affairs Committee, 5 September 1945.

204 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/5, vol. 2: extract from the agenda and the minutes of the Non-European Affairs Committee, 11 August 1944.

Teen 1947 was dit duidelik dat Sharpeville nie in die behuisingsbehoefte van die groeiende swart inwonertal kon voorsien nie. Op aanbeveling van kol. Rood van USKO is die moontlikheid ondersoek om 'n woonbuurt vir werknemers van groot nywerhede te ontwikkel. 'n Stuk grond ongeveer 10km noord van Vereeniging is aangekoop waarop alle verdere swart woonbuurtvestiging sou plaasvind. Hierdie swart woonbuurt sou as Mafube bekend staan.²⁰⁵

Die kroniese tekort aan huisvesting, finansiële druk as gevolg van verhoogde huurgeld en vervoerinkostes en die konstante blootstelling aan klopjagte, het in die veertigerjare tot grootskaalse ontevredenheid en derhalwe 'n groei in politieke bewussyn, aanleiding gegee. Veral die volgende twee plaaslike organisasies was aktief in Toplokasie: die Residential Committee en die Vigilant Committee. Die Residential Committee het in petisies aan die stadsraad veral beswaar gemaak teen die optrede van die Superintendent in die toekenning van woonpermitte en die uitvoering van klopjagte. Klagtes het toegeneem nadat 'n sekere McKenzie wat volgens hulle 'n "beer man" en nie 'n superintendent was nie, in hierdie pos aangestel is.²⁰⁶ Hierdie organisasie het ook beswaar gemaak teen die lae kompensasië wat vir huise in Toplokasie betaal is en die gehalte van die huisvesting wat in Sharpeville beskikbaar was. 'n Sekere Mhlabi het byvoorbeeld beweer dat, "the houses in the new location were built of concrete and anyone living in these houses would die".²⁰⁷ 'n Lid van die Naturelle Adviserende Raad, Seheshe, het 'n leidende rol in hierdie organisasie gespeel.

Die Vigilant Committee se belangrikste besware teen die Naturelle Adviserende Raad gemik. Hulle was van mening dat dit nie 'n demokratiese verkose liggaam was nie en dat die lede niks gedoen het om die stadsraad te dwing om in belang van die inwoners optree nie.²⁰⁸

Dit is nie duidelik of hierdie organisasie enige verbintenis met die African National Congress (ANC) gehad het nie. Die ANC het reeds vanaf 1941 vergaderings in Toplokasie gehou, nadat die stadsraad se pogings om dit te verhinder, misluk het. Alhoewel die ANC nie by

205 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/5, vol. 3: extract from the minutes of the Non-European Affairs Committee, 12 June 1947; Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/5, vol. 4: extract from the minutes of the Non-European Affairs Committee, 13 October 1947.

206 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/2: letter from A.E. Mabote to the Town Clerk, 8 November 1940; Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/12, vol. 1: extracts from the minutes of a meeting of the Location Native Advisory Board, 26 August 1942.

207 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/5/1: extract from the agenda of the Native Affairs Committee, 18 January 1943.

208 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/5, vol. 3: letter from S. Nteee to the Advisory Board and blockmen, 15 April 1947.

name genoem word nie, kan daar met redelike sekerheid aanvaar word dat die amptenare hierdie organisasie bedoel het, wanneer daar na die "communistic meetings" verwys is.²⁰⁹

In teenstelling met die bewering van die Vigilantekomitee het die lede van die Naturelle Adviserende Raad inderdaad alles in hulle vermoë gedoen om die stadsraad te oortuig om in die belang van die swart inwoners op te tree. Selfs die lede wat deur die stadsraad benoem is, het hulle dikwels die argwaan van blanke amptenare op die hals gehaal omdat hulle nie die belange van die stadsraad eerste wou stel nie. In 1942 beveel die Superintendent aan dat eerwaarde Selepe nie weer benoem moes word nie, want Selepe "was giving him considerable trouble and was not watching the interest of the Council on the Board".²¹⁰

Die Naturelle Adviserende Raad was 'n suiwer raadgewende organisasie. Die stadsraad was verplig om hulle aanbevelinge in verband met die wysiging van regulasies aan die Minister voor te lê, maar geensins verplig om enige van hierdie aanbevelings te aanvaar nie. Die patriagale houding van die stadsraad spreek duidelik uit hul opvatting rakende die verhouding tussen hierdie twee liggame: "... it was neither necessary nor desirable that the Board should be consulted in regard to all matters affecting the location".²¹¹

Die Naturelle Adviserende Raad het hulle veral sterk teen klopjagte uitgespreek en veral McKenzie se gebruik om hierdie klopjagte tussen twee en drie uur in die oggend uit te voer. In antwoord hierop het die stadsraad egter by herhaling hulle vertroue en steun in die Superintendent bevestig.²¹² Verder het die Naturelle Adviserende Raad ook gepoog om die stadsraad van moontlike huurverhogings te laat afsien. By verskeie geleenthede is deputasies na die Minister van Naturellesake of die Naturellekommissaris gestuur wanneer dit geblyk het dat die stadsraad nie aan hulle vertoë gehoor wou gee nie. In 1940 het 'n afvaardiging suksesvol beswaar gemaak teen die verhoging van loseerdersfooie. Die deputasie wat in 1946 beswaar gemaak het teen die voortdurende klopjagte was egter onsuksesvol.

-
- 209 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/17/B: memorandum indicating the council's reasons for wishing to increase the lodgers fees in the location, c. August 1941; Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/12, vol. 1: letter from the Town Clerk to the Additional Native Commissioner, 25 March 1942.
- 210 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/5, vol. 1: extract from the minutes of the Ordinary Native Affairs Committee, 14 December 1942.
- 211 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/5, vol. 2: extract from the minutes of the Non-European Affairs Committee, 11 April 1944.
- 212 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/5, vol. 1: minutes of the Location Advisory Board, 5 May 1941; Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/12, vol. 1: extract from the minutes of the General Committee, 7 September 1942.

In Januarie 1947 besluit die Naturelle Adviserende Raad van Toplokasie, na 'n voorstel deur raadslid Sehese, om alle vergaderings te boikot tot tyd en wyl die stadsraad aan hulle griewe aandag sou gee. Die voorsitter van die Naturelle Adviserende Raad, raadslid Els, was van mening dat hierdie besluit geneem is na aanleiding van die Naturelle Verteenwoordigende Raad se besluit in Augustus 1946 om vergaderings en verkiesings te boikot.²¹³ Die ANC het beslis hulle steun aan hierdie boikotaksie in Toplokasie toegesê want briewe van gelukwense is aan lede van die Naturelle Adviserende Raad gestuur.²¹⁴ Ten spyte van die stadsraad se dreigement dat die adviesraadslede se toelaes gestaak sou word, het die meerderheid van die lede tot in Junie 1947 met hierdie boikotaksie volhard. Die Naturelle Adviserende Raad van Sharpeville het egter nie hierdie boikotaksie ondersteun nie. Hulle is deur die ANC tydens 'n vergadering in Sharpeville daarvan beskuldig dat dit net 'n skynorganisasie is wie se voorstelle nooit deur die stadsraad oorweeg word nie. Ten einde die pro-boikotters verkeerd te bewys, het die Naturelle Adviserende Raad die stadsraad versoek om, as blyk vir waardering van hulle samewerking, tuisbrouery van bier in Sharpeville toe te laat.²¹⁵ Nadat die stadsraad hierdie versoek geweier het, het die Naturelle Adviserende Raad van Sharpeville ook met 'n boikotaksie begin.

Die stadsraad se monopolie op die vervaardiging van sorghumbier was in Sharpeville net so 'n ernstige punt van konflik as in Toplokasie. In Oktober 1943 is die Superintendent deur 'n groep vroue oor hierdie saak gekonfronteer.²¹⁶ Hulle het 'n verduideliking geëis waarom die stadsraad een van die huise in 'n bierdepot omskep het, terwyl daar 'n tekort aan huise en ander fasiliteite was.

Op daardie stadium was daar byvoorbeeld ook geen winkels in Sharpeville nie. Die beloftes dat 'n skoolgebou opgerig sou word het ook nie gerealiseer nie. Slegs vier woonhuise is omskep om as klaskamers diens te doen. Na die protesaksie is daar dus besluit om twee huise in tydelike winkels te omskep. In 1946 is vier woonhuise ook aan

213 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/5, vol. 3: report on the monthly Advisory Board meeting held at the Old Location, Vereeniging, 24 January 1947.

214 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/5, vol. 3: extract from the agenda of the Non-European Affairs Committee, 11 August 1947.

215 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/12, vol. 4: extract from the agenda of the Non-European Affairs Committee, 10 July 1947.

216 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/12, vol. 2: extract from the agenda of the Native Affairs Committee, 11 October 1943.

die Kinderwelsynsorganisasie verhuur om as 'n crèche te gebruik en in 1947 is die poskantoor en biblioteek ook in woonhuise ingerig.²¹⁷

Tussen 1940 en 1952 was die stadsraad se onvermoë om die nodige fasiliteite te verskaf, te wyte aan 'n gebrek aan fondse. Die mislukking van die biersaal en die onkoste verbonde aan die verskuiwingsprojek het 'n groot tekort in die Naturelle Inkomsterekening veroorsaak. In die jare veertig is die stadsraad ook telkens gedwing om fondse uit hierdie rekening te gebruik om gratis mediese dienste te verskaf, ten einde te verhoed dat epidemies wat in Toplokasie ontstaan het, verder versprei. Die volgende voorbeelde kan in hierdie opsig vermeld word. Die voorkoms van 'n pokke geval in 1942 in Toplokasie het 'n intensiewe inentingsveldtog genoodsaak. Tifuskoors het in 1944 uitgebreek, gevolg deur 'n ingewandskoorsepidemie wat in 1947 voorgekom het en voorvalle van kinderverlamming (infantile paralysis) wat in 1948 aangemeld is.²¹⁸

Tussen 1940 en 1952 moes die tekort in die Naturelle Inkomsterekening telkens deur oorbetalings of lenings uit die Algemener rekening aangevul word. Dit het meegebring dat die waardasie op eiendomme verhoog moes word.²¹⁹ In hierdie bogenoemde tydperk is die Naturelle Inkomsterekening met belastinginkomste van die blanke belastingbetalers aangevul, om die ontwikkeling in die swart woonbuurt in Vereeniging te subsidieer. Gedurende 1972 is 'n gedeelte van hierdie geld egter weer deur 'n oorbetaling uit die Naturelle Inkomsterekening verhaal.²²⁰

Aangesien die stadsraad van mening was dat die Naturelle Inkomsterekening self-balansierend moes wees, is voortdurend na maniere gesoek om die tekort in 'n surplus te omskep. Gedurende die veertigerjare is versoeke telkens tot die betrokke Minister gerig om loseerdersgelde te verhoog, maar dit is telkens geweier. In 1946 is plaaslike owerhede deur

217 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/12, vol. 2: extract from the minutes of the Native Affairs Committee, 11 October 1943; Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/16, vol. 4: extract from the minutes of an ordinary meeting of the Non-European Affairs Committee, 9 December 1946; Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/5, vol. 4: letter from the Manager Non-European Affairs Department to the Town Clerk, 22 December 1947.

218 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/12, vol. 1: letter from the Medical Officer of Health to the Town Clerk, 25 September 1942; Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/12, vol. 2: extract from the minutes of the Finance and General Purposes Committee, 13 October 1944; Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/16, vol. 4: letter from Acting Medical Officer of Health to the Manager, Non-European Affairs Department, 5 March 1947; Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/5, vol. 4: minutes of the Location Advisory Board, 8 April 1948.

219 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/17/B: letter from the Town Clerk to the Private Secretary of the Minister of Native Affairs, 25 July 1944; Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/17/B: letter from the Town Clerk to the Secretary, Native Affairs Commission, 16 April 1945.

220 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/16, vol. 13: agenda and minutes of the Management Committee, 20 June 1972.

die sentrale regering versoek om die administrasie van dienskontrakte oor te neem. Hierdie geleentheid is deur Vereeniging se Stadsraad aangegryp omdat dit 'n belangrike bron van inkomste kon wees.

Die dienskontrakstelsel het behels dat elke swart man wat in 'n stedelike gebied wou werk, hom by die registrasiekantoor moes aanmeld. Hier het hy dan teen betaling van 'n vasgestelde fooi, en na 'n verpligte mediese ondersoek, 'n permit ontvang wat aan hom toestemming verleen het om werk te soek. Die Registrasiebeampte kon egter ook weier om 'n permit uit te reik. Hierdie permit was net vir 14 dae geldig. Sodra hy 'n werk bekom het, is 'n dienskontrak geregistreer en moes die werkgewer ook 'n registrasiefooie aan die stadsraad betaal. Indien 'n persoon geweier het om 'n werk wat hom aangebied is te aanvaar, is sy registrasiekaart geëndoseer en moes hy die stedelike gebied binne twaalf dae verlaat. Die registrasie van dienskontrakte was wel 'n belangrike bron van inkomste vir die stadsraad. Dit was ook 'n bron van groot ontevredenheid onder die swart inwoners, aangesien die stadsraad en sy amptenare nou direk met die gehate pas-stelsel geassosieer is. Die stadsraad het spesiale instromingsbeheerbeamptes aangestel wat enige tyd, dag of nag, klopjagte kon uitvoer en persone kon arresteer wat nie werksoekpermitte of dienskontrakte kon toon nie.²²¹

Die verskuiwing van Toplokasie na Sharpeville het voordele sowel as nadele vir die inwoners gehad. Mense kon uit die krotbuurt toestande in Toplokasie ontsnap en sommige gesinne het vir die eerste keer 'n eie woning besit. 'n Groot persentasie van hulle kon egter nie hierdie nuwe luuksheid bekostig nie, want om in Sharpeville te woon het talle ekstra kostes meegebring wat nie voorsien is nie.

Toplokasie was sentraal genoeg geleë sodat mense te voet by die werk of ander bestemmings kon kom, maar in Sharpeville moes hulle van die busdiens of huurmotors gebruik maak. Die eerste aantal jare was hulle genoodsaak om dikwels na Toplokasie te reis omdat geen ontspannings- en kerklike fasiliteite in Sharpeville beskikbaar was nie.

Huurgeld in Sharpeville was ook aansienlik hoër as in Toplokasie. Aanvanklik wou die stadsraad die huise teen 32/- per maand verhuur, maar die Huurraad het ingegryp en die maksimum huurgeld tot 25/- per maand beperk.²²² In die laat veertigerjare het die stadsraad egter die huurgeld vir huise sonder badkamers tot 27/6 en vir huise met badkamers tot 28/6 aangepas. Hulle argument was dat lone gedurende die oorlogsjare byna verdubbel het. Dit was inderdaad die geval, maar die lewenskoste het ook verdubbel.

221 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/17/B: letter from the Advisory Board Sharpe Native Township to the Town Clerk, 15 April 1946; Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/23, vol. 4: extract from the minutes of the Non-European Affairs Committee, 30 September 1946.

222 J.T. Louw, *Naturelle en lokasies onder die beheer van ...*, p.20.

In 1945 het J.T. Louw bevind dat die gemiddelde inkomste van 'n gesin in Sharpeville £7.12.8 per maand (£91.6.0 per jaar) was, terwyl hulle uitgawes aan basiese noodsaaklikhede nagenoeg £104 per jaar was.²²³ Wanneer 'n huishuurder in gebreke gebly het om sy huur te betaal, is hy krimineel vervolgt en gewoonlik 'n boete van 20/- opgelê. Indien hy daarna nog steeds nie sy huur kon betaal nie, is die gesin uit die huis gesit.²²⁴

Onderverhuring is nie in Sharpeville toegelaat nie, derhalwe kon 'n gesin wat in finansiële nood verkeer het, nie hulle inkomste op hierdie wyse aanvul nie.

Die Naturelle Adviserende Raad was oortuig dat hierdie ekonomiese druk mense tot allerhande onwettighede sou dryf, in 'n poging om hulle inkomste te verhoog.²²⁵ Dit is moeilik om te bepaal of daar wel 'n toename in misdaad was, aangesien 'n groot persentasie van die beskikbare statistieke in der waarheid net statutêre vervolgings met betrekking tot pasootredings en die besit van bier weerspieël. Uit voortdurende verwysings daarna in die notules van beide die Naturelle Adviserende Raad en die stadsraad blyk dit egter dat veral jeugmisdaad in die vyftigerjare toegeneem het, en dat beide woonbuurte te kampe gelhad het met 'n sogenaamde tsotsi probleem. Derhalwe het die stadsraad 'n veldtog beplan om die probleem die hoof te bied. Daar is onder andere besluit om 'n aandklokkeel vir jeugdiges in te stel en om 'n munisipale tuin aan te lê waar die jong seuns konstruktief besig gehou kon word.²²⁶ Nie een van hierdie projekte is egter geïmplimenteer nie. Gedurende 1954 het die sentrale regering 'n jeugkamp op die plaas Elandsdoorn in die distrik Groblersdal tot stand gebring en in 1958 het die Naturellekommissaris van Vereeniging agt jeugdiges tussen die ouderdomme 17 en 18 jaar vir 'n onbepaalde tyd daarheen gestuur omdat hulle na bewering werksku was.²²⁷

Die stadsraad was egter van mening dat die omvang van die jeugmisdaad nie so groot in Vereeniging was dat dit sulke drastiese stappe geregverdig het nie. 'n Spesiale reëling is

223 J.T. Louw, *Naturelle en lokasies onder die beheer van ...*, pp.81-86.

224 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/5, vol. 4: letter from the Native Commissioner to the Town Clerk, 14 October 1947; Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/5, vol. 4: memorandum submitted to the Native Commissioner by the Advisory Board of Sharpeville, 8 October 1947.

225 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/5, vol. 4: minutes of the 36th meeting of Sharpeville Native Advisory Board, 16 June 1949.

226 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/5, vol. 5: letter from the Town Clerk to the Secretary Location Advisory Board, 30 November 1950.

227 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/14: extracts from the minutes and the agenda of the Non-European Affairs Committee, 9 April 1958.

met die plaaslike nywerhede getref om jeugdige teen 'n verlaagde loonskaal in diens te neem.²²⁸

Die ouers en die Stadsklerk het verskillende menings gehuldig oor wie te blameer was vir die feit dat honderde kinders op straat was, terwyl hulle eintlik in die skool moes wees. Terwyl die stadsraad gevoel het dat dit dui op 'n gebrek aan ouerbeheer, was die ouers daarvan oortuig dat die kinders sou skoolgaan, indien die fasiliteite net beskikbaar was. Verder is daarop gewys dat die ekonomiese toestand ouerpare gedwing het om albei te werk met die gevolglike verlies van kontrole oor die jong kinders. Die algemene gevoel van die ouers kan saamgevat word in die volgende stelling van adviesraadslid Mapikitla:

"It suited the ruling class to break the family life of the African people but they have not been able to place something in the place of this family that they have broken, for it is fear that rules this country."²²⁹

Hierdie stelling is tiperend van die groeiende vertrouenskrisis tussen die stadsraad, die Naturelle Adviserende Raad en die swart gemeenskap van Vereeniging in die jare vyftig. Selfs nadat die bierbrouery in 1950 in 'n florerende onderneming omskep is, sou die biersaal 'n belangrike twispunt tussen die inwoners en die stadsraad bly.

Die raadslede van die Naturelle Adviserende Raad was van mening dat die volgende vier projekte voorrang moes geniet omdat dit belangrike welsyns- en ander noodsaaklike dienste gefinansier het. Daar is byvoorbeeld uit die bierwinste voorsiening gemaak vir hulp aan armlastige bejaardes deur die verskaffing van voedsel en komberse in die winter en die subsidiëring van hulle behuising. Die skema om melk teen kosprys te verskaf is ook uit die bierwinste gefinansier. Alle sportgeriewe en 'n swembad vir kinders is ook uit hierdie rekening voorsien.

Aan die anderkant was die inwoners van Sharpeville gegrief omdat 'n biersaal opgerig is, terwyl daar nog geen sekondêre skool in Sharpeville was nie.²³⁰ Hul ontevredenheid kan begryp word as in aanmerking geneem word dat elke gesin reeds vanaf 1935 tot 'n skoolheffingsfonds bygedra het, met die doel om voldoende skoolfasiliteite te help voorsien.

'n Belangrike oorsaak van hierdie wantroue tussen die owerheidsliggame en die gemeenskap was die talle ambisieuse projekte wat deur die stadsraad beplan is, maar nooit van die

228 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/22, vol. 1: brief van die Direkteur van Nie-blankesake aan die Stadsklerk, 24 Oktober 1958.

229 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/12, vol. 5: minutes of the Sharpe Native Township Advisory Board meeting, 18 February 1949.

230 Town Council of Vereeniging, Group Areas, file 131/6, vol. 1: minutes of the ordinary monthly meeting of the Top Location Advisory Board, 28 January 1953.

grond af kon kom nie. Die adviesraadslede het die inwoners ingelig oor die nuwe ontwikkelings wat sou kom en is dan tot leuenaars verklaar as hierdie projekte nie gerealiseer het nie. In 1950 is byvoorbeeld aangekondig dat geld bewillig is vir die ontwikkeling van 'n ontspanningsoord vir swart mense aan die Vaalrivier, regoor Sharpeville. In 1957 word aangekondig dat hierdie projek deur die Minister afgekeur is, omdat dit binne blanke gebied geleë sou wees, maar dat 'n ontspanningsterrein langs die Leeuwkuilpan ontwikkel sou word. In 1959 het hierdie planne al tot 'n reusagtige sportsentrum langs die Leeuwkuilpan geëskaleer.²³¹ Nie een van hierdie planne het egter gerealiseer nie. Die beplanning van 'n ouetehuis²³² en 'n hotel vir swart mense in Sharpeville²³³ het ook nooit verder as die tekenbord gevorder nie.

Die implementering van die Groepsgebiedewet het die beleidsrigting wat hierdie omstandighede ten grondslag gelê het, gelegitimeer.

5.9.5 DIE IMPLEMENTERING VAN DIE GROEPSGEBIEDEWET IN VEREENIGING

Die bewindsoorname van die Nasionale Party in Mei 1948 het geen onmiddellike uitwerking op die swart gemeenskap van Vereeniging gehad nie, maar die promulgering van die Groepsgebiedewet in Maart 1950 sou verrykende gevolge vir hulle inhou. In 1952 besoek die Mentzkommissie die Vaaldriehoek en kom tot die gevolgtrekking dat die streek nie toegelaat kon word om vier swart woongebiede binne 'n blanke gebied in stand te hou nie. Derhalwe is daar aanbeveel dat een sentrale woongebied geskep moes word. Aangesien dit onmoontlik sou wees om Evaton waar die eienaars eiendomsreg op grond besit het, te verskuif, is besluit dat 'n sentrale woongebied ten suide van Evaton aangelê moes word. Die area tussen die Potchefstroom-Vereeniging pad en Evaton wat aanvanklik as die N3-gebied bekend gestaan het, sou tussen Vereeniging en Vanderbijlpark verdeel word. Die ontwikkeling van die beoogde woonbuurt Mafube wat reeds deur twee ministers van Naturellesake, Jansen en Verwoerd, goedgekeur was, sou laat vaar moes word.²³⁴

231 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/5, vol. 5: extracts from the minutes of the Non-European Affairs Committee, 14 July 1950; Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/16, vol. 9: brief van die Direkteur van Nie-blankesake aan die Stadsklerk, 19 Augustus 1957; Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/16, vol. 10: minutes of the ordinary monthly meeting of the Sharpe Advisory Board, 22 June 1959.

232 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/5, vol. 5: extracts from the minutes of the Non-European Affairs Committee, 1 February 1950; Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/16, vol. 9: extracts from the minutes and agenda of the Non-European Affairs Committee, 15 July 1958.

233 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/16, vol. 10: minutes of the ordinary monthly meeting of the Sharpe Advisory Board, 22 June 1959.

234 *Vereeniging News*, 29 January 1954: report.

Uiteindelik is die grond wat vir die stigting van Mafube aangekoop is, in 1966 gebruik om die Kleurling- en Indiërgemeenskap van Vereeniging in Rust-ter-Vaal en Roshnee te hervestig.²³⁵

Die implikasie vir die inwoners van Sharpeville was dat die swaard van verskuiwing nou weer oor hulle koppe gehang het, nadat die Minister van Naturellesake die volgende verklaring uitgereik het:

"As a long term policy and where the development of the area renders it necessary it is realised that these two southern locations (Vereeniging and Vanderbijlpark) will have to disappear again in the course of time."²³⁶

Ten einde doelmatiger gestalte aan hierdie beleidsrigting te gee is die Stadsraad van Vereeniging in 1957 soos volg deur die Minister in kennis gestel:

"Nadat die vergrote uitbreiding van Nr. 1 voltooi is, sal geen verdere uitbreiding van Sharpeville toegelaat word nie en Vereeniging moet nou onmiddellik stappe doen om voorsiening te maak vir sy verdere lokasie benodigdhede in gebied N. 3. Sharpeville sal mettertyd moet verdwyn."²³⁷

Vereeniging is ook deur die regering aangesê om sonder versuim Toplokasie wat reeds deur blanke gebiede omring was, finaal te ontruim. Dit het meegebring dat die laaste 2 500 gesinne tussen 1957 en 1959 in Sharpeville hervestig is. Hierdie hervestiging het onder omstandighede plaasgevind wat glad nie met die hoë ideale wat aanvanklik vir huisvesting in Sharpeville gestel is, gestrook het nie.

Hierdie hervestiging as gevolg van die nuwe beleid het op verskeie wyses plaasgevind. Aan standplaashuurders is huurhuise onder die sogenaamde ekonomiese huurstelsel verskaf. Dit het beteken dat alhoewel die huise en dienste identies was aan die bestaande sub-ekonomiese skema, hierdie huurders se huurgeld baie hoër was. Ongeveer 1 750 families is ook volgens die sogenaamde erf-en-diensskema hervestig. In die area wat vir hierdie skema opsy gesit is, is slegs die minimum dienste voorsien. In die een hoek van elke erf is slegs 'n voorafvervaardigde sinkhut opgerig en huurders kon dan mettertyd hulle eie

235 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 95/15, vol. 4/2: verslag van die Stadstesourier oor die leningsbevoegdhede vir grond op Damfontein en Smaldeel, 22 Julie 1968.

236 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/23, vol. 6: memorandum for the consideration of the Minister of Bantu Administration and Development, c. 1960.

237 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/23, vol. 6: brief van die Minister van Naturelle aan die Stadsklerk, 27 April 1957.

wonings volgens vermoë oprig. Ongeveer 750 gesinne is ook toegelaat om as loseerders by ander gesinne in Sharpeville te gaan woon.²³⁸

Die Groepsgebiedewet het ook bepaal dat die vestiging in 'n swart woongebiede volgens etniese groepering moes geskied. Derhalwe moes Vereeniging se Stadsraad 'n meesterplan indien om aan te dui hoe die nuwe uitbreidings onmiddellik, en die gevestigde woonbuurtes geleidelik volgens etniese groepering ingedeel sou word. Die inwoners van die munisipale hostelle sou ook onmiddellik volgens etniese groepe hervestig word. Ongeveer 80% van Sharpeville se inwoners was Sotho-sprekend (Sotho en Tswana en 'n klein aantal Pedi's), terwyl 20% Nguni-sprekend (Zulu en Xhosa) of Venda-sprekend was. Die algemene kommunikasietaal was egter Sesotho. Aan elke etniese groep moes ook sy eie skole voorsien word.²³⁹

Die Naturelle Adviserende Rade van Toplokasie en Sharpeville het hulle sterk teen hierdie besluit uitgespreek en het voorspel dat dit slegs tot rasse konflik tussen die verskillende etniese groepe sou lei.²⁴⁰ Daar is veral gevrees dat die faksiegevegte wat soms tussen groepe Basotho's voorgekom het, kon eskaleer. Daar is dikwels na hierdie groepe as die sogenaamde **Russians** verwys. Die naam is ontleen aan die Sotho-term **MaRashea** wat verwys het na die tipiese Basotho-komberse wat hulle gedra het. Die historiese oorsprong van die konflik tussen Basotho-faksies word volledig deur Guy & Thabane bespreek.²⁴¹ Dit kan egter nie bo alle twyfel gestel word dat die **Russians** in Vereeniging en Evaton om dieselfde historiese redes haaks was nie. Die Basotho-trekarbeiders wat by nywerhede in Vereeniging gewerk het, was soms in Toplokasie in insidente betrokke wat waarskynlik verband gehou het met die mededinging om die aandag van vroue te trek.

Die trekarbeiders wat nie na Basotholand wou terugkeer na die verstryking van hulle dienskontrakte in Vereeniging nie, het hulle gewoonlik in die Small Farms gebied in Evaton gevestig. Teen 1950 was daar reeds 'n hele gemeenskap van hierdie **Russians** in Small Farms woonagtig. Omdat die inwoners van Evaton ver afstande moes reis na hulle werk en dus afhanklik van 'n bekostigbare en betroubare busdiens was, het die verhoging van

238 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/23, vol. 4: letter from the Town Clerk to the Secretary for Native Affairs, 2 July 1957; Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/23, vol. 6: memorandum for the consideration of the Minister of Bantu Administration and Development, c. 1960.

239 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/25: notes of the discussion at an interview which representatives of the council had with officials of the Native Affairs Department on Thursday, 18 November 1954.

240 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/25: memorandum of the Top Location and Sharpeville Advisory Boards on ethnic grouping, October 1954.

241 J. Guy & M. Thabane, "Ma-Rashea: a participant's perspective", B. Bozzoli (Ed.), *Class, community and conflict: South African perspectives*, pp.444-447.

bustariewe telkens tot konflik aanleiding gegee. In die 1950's is drie busboikotte deur die inwoners georganiseer, naamlik in 1950, 1954 en 1955. Gedurende die 1955 busboikot het die busmaatskappy die hulp van die leier van die Russians, Rantube, ingeroep om byeenkomste van die pro-boikotters te ontwig. Dit het aanleiding tot talle gevegte gegee waarin 'n aantal mense die lewe gelaat het.²⁴² Alhoewel sommige van die insidente slegs tussen die pro-boikotters en anti-boikotters van Evaton self plaasgevind het, en die Russians glad nie daarby betrokke was nie, is die skuld van die geweldpleging hoofsaaklik voor hulle deur gelê. Dit was ook die geval in ander sentra waar Russians woonagtig was.

Derhalwe het die sentrale regering in 1958 besluit om seksie 12 van die Swart (Stadsgebiede) Wysigingswet van 1945 te wysig sodat alle inwoners van die Protektorate wat nie in diens van 'n blanke werkgewer was nie, na hulle plek van oorsprong moes terugkeer. In Vereeniging is hierdie maatreël gebruik, nie net om van die Russians ontslae te raak nie, maar ook om ekonomiese onaktiewe bejaardes, vroue en werklose mans te dwing om die stadsgebied te verlaat.²⁴³

In die laat vyftigerjare was daar beslis 'n verskerpte politieke aktiwiteit in Sharpeville, wat waarskynlik aan die omstandighede toegeskryf kan word waaronder die inwoners van Toplokasie op die erf-en-dienspersele en as loseerders hervestig is. Gebeure elders in Afrika kon egter ook 'n invloed gehad het. Die meeste Afrika lande het eers vanaf die 1890's onder koloniale bestuur gekom, toe Europese lande Afrika onder hulle verdeel het. Pogings om hulle van koloniale oorheersing te bevry, het in 1958 begin vrugte afwerp toe Ghana sy onafhanklikheid van Brittanje verkry het. Die winde van verandering wat met hierdie dekolonisasieproses in Afrika opgewek is, het ook in Suid-Afrika begin waai. In Suid-Afrika het dit saamgeval met toenemende ontevredenheid met die ANC se onvermoë om 'n beter politieke bedeling vir swart mense te beding. Die Jeugbrigade van die ANC wat in 1944 gestig is, het toe reeds sterk Afrikanistiese sentimente geopenbaar. In Oktober 1958 het 'n groep van hierdie Afrikaniste van die ANC weggebreek en in April 1959 is die Pan-Africanist Congress (PAC) onder leiding van Robert Sobukwe gestig.

In die loop van 1959 is daar ook 'n tak van die PAC in Sharpeville gestig, met Job Tsolo as voorsitter, Thomas More as onder-voorsitter, Nyakane Tsolo as sekretaris en Susan Mohanoe as onder-sekretaris. Die tak het ongeveer 150 lede gehad.²⁴⁴

242 T. Lodge, *Black politics in South Africa since 1945*, pp.172-177.

243 Town Council of Vereeniging, Legislation, file 104/4/9, vol. 1: letter from J. Ramahlola to the Secretary Native Affairs Department, 16 June 1958; Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/10, vol. 2: letter from the Bantu Affairs Commissioner to the Town Clerk, 23 March 1959.

244 Suid-Afrika (Republiek), *Verslag van die kommissie wat benoem is om ondersoek in te stel na en verslag uit te bring oor die gebeure in die distrikte Vereeniging {te wete Sharpeville-lokasie en Evaton} en*

Dit is moeilik om te bepaal wie van die ANC of PAC die bedrywigste in Sharpeville was, aangesien die owerhede meestal na beide organisasies slegs as "ondermynende liggame" verwys het. By twee geleenthede in 1959 was daar pogings om massavergaderings of betogings in Sharpeville te hou, maar dit was nie suksesvol nie.²⁴⁵

Op 8 Maart 1960 is 'n protesoptog van vroue uit blok 7 waar ekonomiese huishuur betaal moes word, gehou. Volgens persberigte het ongeveer 300 vroue hieraan deelgeneem en het hulle die superintendent, Labuschagne, se motor onder klippe gesteek. Dit is egter ten sterkste deur Labuschagne ontken. Volgens hom het net 80 vroue na aanleiding van pamflette wat die nag deur die ANC of die PAC versprei is, 'n vergadering gehou. Die doel van hierdie vergadering was om beswaar aan te teken omdat hulle 'n hoër huur as die mense wat huise onder die sub-ekonomiese skema gehuur het, moes betaal. Hulle was egter volgens Labuschagne op geen stadium aggressief nie.²⁴⁶

5.9.6 SEBOKENG EN DIE STADSRAAD VAN LEKOA

Vanaf 1965 is daar met die grootskaalse ontwikkeling van Sebokeng begin. Die N3-gebied is tot Sebokeng verdoop na aanleiding van 'n voorstel deur die Naturelle Adviserende Raad van Sharpeville dat dit Phulaneng (Mooivlei), Sedibeng (Plek van die fontein) of Sebokeng (Vergaderplek) genoem moes word.²⁴⁷

Plaaslike owerhede het spoedig besef dat die idee dat elke stadsraad sy eie woonbuurt in Sebokeng sou administreer nie prakties uitvoerbaar was nie. Die sogenaamde Bestuursraad van Sebokeng is derhalwe in die lewe geroep.

Hierdie Bestuursraad het besluit dat die vestiging van mense in Sebokeng soos volg sou plaasvind. Die swart inwoners van Meyerton is eerste in Sebokeng hervestig, waarna die hostelbewoners en loseerderfamilies in Vereeniging en Vanderbijlpark gevolg het. Die 40 gesinne wat in Brick & Tile en die 20 gesinne wat in USKO se private swart woonbuurte gewoon het, is ook in Sebokeng hervestig.

Vanderbijlpark, provisie Transvaal, op 21 Maart 1960 (ongep. manuskrip, Staatsbibliotheek, OP 310, 1960), pp.19,20.

245 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/16, vol. 10: brief van die Direkteur van Nie-blankesake aan die Stadsklerk, 6 Augustus 1959.

246 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/27: extracts from the minutes and agenda of the meeting of the Non-European Affairs Committee, 14 March 1960.

247 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/23, vol. 10: brief van die Direkteur Nie-blankesake aan die Bantoesakekommissaris, 26 November 1964.

Dit is asof hierdie gedwonge hervestigingspogings net nie suksesvol kon plaasvind nie. Die probleme wat die swart inwoners van Vereeniging met die verskuiwing van Toplokasie na Sharpeville ondervind het, het weer eens met die verskuiwing na Sebokeng voorgekom. Hierdie feit spreek duidelik uit die verslag wat deur die Direkteur van die Nie-blankesake Departement en die Stadstoesourier van Vereeniging se Stadsraad saamgestel is:

"Up to 25.10.1967, 1 238 lodger families have been removed to Sebokeng. They are required to pay their own transport costs and they move into a house without a stove. There is great dissatisfaction amongst these people, the house rent is R8.50 - R9.00 per month and bus fees are three times as much as they used to pay and social and recreation facilities are virtually non-existent in Sebokeng. The Council was always given to understand that the facilities at Sebokeng will be equal or better than those existing in Sharpeville."²⁴⁸

Dat die verskuiwing van Sharpeville op daardie stadium sterk deur die sentrale regering oorweeg is, maar nie deur die Stadsraad van Vereeniging gesteun is nie, blyk ook uit bogenoemde verslag:

"There is already a certain unrest amongst the Sharpeville residents, especially those who have erected their own dwellings. It must be borne in mind that the last residents in Site and Service were resettled ex the old Location in October 1959 and it is most unreasonable to expect those people now to move again."²⁴⁹

Die regering het in 1972 besluit dat indien dit nie moontlik is om alle swart woonbuurte in die Vaaldriehoek fisies uit die blanke woongebiede te verwyder nie, dit tog op papier gedoen kon word. Die Oranje-Vaal Administrasieraad is daarom kragtens die Wet op Administrasie van Bantoesake, in die lewe geroep.²⁵⁰ Teoreties gesproke het Vereeniging dus vanaf 1972 geen swart inwoners meer gehad nie, want die administrasie en beheer oor die 51 000 swart mense is aan die Oranje-Vaal Administrasieraad oorgedra. Hierdie swart inwoners het soos volg verspreid oor die munisipale gebied van Vereeniging gewoon. Ongeveer 41 400 mense het in Sharpeville gewoon; 1 900 kontrakwerkers was in kampongs van nywerhede en ongeveer 'n 100 werkers in hostelle of

248 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/23, vol. 11: agenda and minutes of the Management Committee, 21 November 1967.

249 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/23, vol. 11: agenda and minutes of the Management Committee, 21 November 1967.

250 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/23, vol. 12: daarstelling van 'n Bantoesake Administrasieraad vir Vaaldriehoek, s.j.

klubs gevestig waar hulle gewerk het; 2 350 mense was op plotte en 5 270 huisbediendes en tuiniers het in bediendekamers by hulle werkgewers geloseer.²⁵¹

Gedurende 1983 het die swart inwoners van die Vaaldriehoek, kragtens die Wet op Swart Plaaslike Owerhede van 1982, uiteindelik direkte munisipale verteenwoordiging verkry. Hierdie verteenwoordiging was in die Stadsraad van Lekoa gesetel wat uit al ses die swart woongebiede in die Vaaldriehoek saamgestel is. Tydens die eerste stadsraadverkiesing in 1983 het die inwoners van die Vaaldriehoekse swart dorpe duidelik hulle misnoeë met hierdie stelsel deur middel van 'n wegblystem laat blyk. Die stempersentasie in hierdie verkiesing was slegs 14,7%. Gemeenskapsorganisasies wat die swart bewussynsidee ondersteun het, het al sterker op die voorgrond begin tree. In Sharpeville was veral die Sharpeville Civic Association bedrywig. Die Stadsraad van Lekoa het in 'n onbenydenswaardige finansiële posisie verkeer, aangesien 80% van die swart inwoners loonarbeiders was waarvan ten minste 50% onder die broodlyn geleef het. Daar was ook geen nywerhede of groot sakebedrywigheide wat belas kon word om munisipale dienste te help finansier nie. Die Stadsraad van Lekoa was net soos die Stadsraad van Vereeniging ook van mening dat verhoogde huurgeld die enigste oplossing vir hierdie finansieringsprobleem was. Daar is derhalwe besluit dat alle sub-ekonomiese huur afgeskaf sou word, en dat alle inwoners almal 'n ekonomiese huur moes betaal. Die inwoners van die swart dorpe was egter van mening dat die stadsraadslede van Lekoa hulleself ten koste van die res van die inwoners verryk.²⁵² Op 3 September 1984 kulmineer ekonomiese griewe en verydelde politieke aspirasies in bloedige onluste en 'n huurboikot wat na sewe jaar nog steeds van krag is.²⁵³

Hierdie oorsig word vervolgens met 'n oorsig van Vereeniging se bevolkingsgetalle afgesluit, ten einde 'n geheelbeeld oor die totale bevolking van Vereeniging te verkry.

5.10 BEVOLKING

5.10.1 BEVOLKINGSGETALLE

Die eerste amptelike bevolkingsyfers vir Vereeniging was eers vanaf 1904 beskikbaar. Tabel no. 5.7 toon die bevolkingsgetalle van Vereeniging se munisipale gebied vir die opeenvolgende sensusjare van 1904 tot 1991 aan.

251 Town Council of Vereeniging, Bantu Affairs, file 130/23, vol. 12: memorandum, gegewens Nie-blankesake afdeling, 15 Oktober 1971.

252 H. Mashabela, *Townships of the PWV*, pp.127,135.

253 Kyk ook hoofstuk 10, p.367.

Tabel no. 5.7: Bevolkingsgrootte en -samestelling vir Vereeniging se munisipale gebied 1904-1991

JAAR	BEVOLKINGSGROEP			
	Blank	Asiër	Kleurling	Swart
1904	446	0	76	380
1911	594	0	191	1 126
1921	1 836	117	171	3 242
1936	5 487	391	382	13 414
1946	11 742	525	500	27 723
1951	17 322	694	707	41 155
1960	24 564	823	1024	52 424
1970	34 934	1 996	2 000	46 342
1980	43 420	4 220	2 760	60 920
1985	72 740	4 427	13 589	76 926
1991	83 869	7 921	23 238	135 483 ²⁵⁴

Vereeniging se bevolkingsgroeï strek oor 'n langer tydperk en is meer geleidelik as dié van sy buurdorpe (veral Vanderbijlpark, Sasolburg en Sebokeng). Die vermeerdering van die blanke en swart bevolkings is hoofsaaklik verantwoordelik vir die sterk bevolkingstoename van die dorp. Die Kleurling- en Asiërbevolkings is aansienlik minder in getal as bogenoemde twee groepe. Die Asiërs het 'n meer geleidelike groei gehandhaaf.

Na 'n baie stadige bevolkingstoename tot 1911 het die blanke bevolkingsgroeï begin momentum kry. Wat sy blanke bevolking betref, het Vereeniging egter deurgaans 'n meer geleidelike groeikoers as sy buurdorpe gehandhaaf. Ten spyte van 'n geringe afplating in sy groeikoers gedurende die periode van 1970 tot 1985, was Vereeniging se werklike bevolkingstoename gedurende hierdie periode egter feitlik identies aan die periode wat van 1960 tot 1970 gestrek het.

Die nywerheidsfunksie in Vereeniging het sedert die dorp se vroeë bestaansjare sy stempel op die bevolkingsgroeï afgedruk. Die werkers wat deur die nywerhede gelok is, het die bevolkingsgetalle aangevul, maar ook 'n vermenigvuldigingseffek op ander funksies uitgeoefen.

Soos in tabel no. 5.7 gesien kan word, toon die groeikoers van die Kleurlingbevolking van Vereeniging (Rust-ter-Vaal) sedert 1960 'n vinnige toename. Hierdie verskynsel is hoofsaaklik die gevolg van groter indiensneming van Kleurlinge en die verhuising van

254 Suid-Afrika (Republiek), Departement van Statistiek, *Bevolking van Suid-Afrika, 1904-1970*, RP 02-05-12, pp.46 e.vv.; Suid-Afrika (Republiek), Sentrale Statistiekdiens, *Bevolkingsensus, 1980*, RP 02-80-01, p.92; Suid-Afrika (Republiek), Sentrale Statistiekdiens, *Bevolkingsensus, 1985*, verslag no. 02-85-03, p.114,115,255; Suid-Afrika (Republiek), Sentrale Statistiekdiens, *Bevolkingsensus, 1991*, verslag no. 03-01-01, p.17.

Kleurlinge van ander dorpe in die Vaaldriehoek na Vereeniging.²⁵⁵ 'n Drastiese verhoging van die Kleurlingbevolking in die Vaaldriehoek is moontlik beperk deur die totstandkoming van die nuwe Kleurlingdorp Ennerdale ten noorde van Vereeniging, asook die voorkeur wat deur hierdie bevolkingsgroep aan die Witwatersrand as vestigingsgebied gegee word.²⁵⁶

Die Asiërbevolking van die Vaaldriehoek is hoofsaaklik woonagtig in Roshnee ten noorde van Vereeniging, met kleiner getalle in Vanderbijlpark en Meyerton. Die rede hiervoor is dat Roshnee as streekwoongebied vir die Asiërbevolking van die Vaaldriehoek ontwikkel is. Die periode 1980 tot 1985 toon 'n aansienlike afname van die Asiërbevolking. Die nabyheid van die Witwatersrand het hier ook as trekpleister gedien. Die grootskaalse betrokkenheid van Vereeniging se Asiërbevolking in die sakewêreld van Vereeniging sal egter 'n belangrike bydrae lewer om die getalle van hierdie bevolkingsgroep in die toekoms te stabiliseer.

Vereeniging se swart bevolking is in die dorp self en op die kleinhoewegebiede wat die dorp na die suidooste, ooste, noorde en noordweste omsom en Sharpeville woonagtig.²⁵⁷

Soos blyk uit tabel no. 5.7 het die swart bevolking van Vereeniging vinniger toegeneem as die ander bevolkingsgroepe. Daar was veral 'n sterk bevolkingstoename tydens die Tweede Wêreldoorlog toe daar 'n groot nywerheidsopbloei in Vereeniging vir die vervaardiging van wapentuig, landboumasjinerie en ander ysterware ontwikkel het. Gedurende die periode 1960 tot 1970 was daar 'n afname in Vereeniging se swart bevolking toe Sebokeng tot stand gekom het en 'n gedeelte van Vereeniging se swart bevolking daarheen verskuif is.

Soos reeds vermeld is Sebokeng gedurende die vroeë sestigerjare as 'n streekwoongebied vir die swart bevolking van Vereeniging, Meyerton en Vanderbijlpark en as 'n hervestigingsplek vir die aanwas van die bevolkings van Bophelong (Vanderbijlpark), Sharpeville en Boipatong (Vanderbijlpark) ontwikkel.²⁵⁸ Sebokeng bestaan in der waarheid uit 'n samevoeging van drie swart woongebiede, te wete Sebokeng, Evaton (wat reeds in 1905 as dorp met eiendomsreg deur swartes tot stand gekom het) en Residensia ('n voormalige blanke woongebied met 'n eie plaaslike bestuur).²⁵⁹

Sebokeng het sedert sy ontstaan 'n baie vinnige groei ondervind en na raming is dit reeds die tweede grootste swart stad na Soweto.

255 A. Nieuwoudt, *Die Vaaldriehoek as verspreide ...*, p.126.

256 Suid-Afrika (Republiek), Kantoer van die Eerste Minister, *Vaalrivierkompleks ...*, p.68.

257 Suid-Afrika (Republiek), Kantoer van die Eerste Minister, *Vaalrivierkompleks ...*, p.18.

258 A. Nieuwoudt, *Die Vaaldriehoek as verspreide ...*, p.132.

259 Suid-Afrika (Republiek), Kantoer van die Eerste Minister, *Vaalrivierkompleks ...*, p.18.

Verskeie ander aspekte van hierdie bevolking word vervolgens aangetoon.

5.10.2 OUDERDOM- EN GESLAGSTRUKTUUR

In tabelle no.'s 5.8, 5.9 en 5.10 word die ouderdom- en geslagstruktuur van Vereeniging se blanke, Kleurling- en Asiërbevolking aangetoon.

Tabel no. 5.8: Ouderdom- en geslagstruktuur van die blanke bevolking

JAAR	MANLIK %	VROULIK %
- 1	0,94	0,93
1 - 4	4,10	3,88
5 - 9	5,51	5,36
10 - 14	5,43	5,06
15 - 19	4,29	4,39
20 - 24	3,96	3,87
25 - 34	8,53	8,14
35 - 44	7,21	6,60
45 - 54	4,94	4,38
55 - 64	3,42	3,49
65 - 74	1,95	2,24
75 +	0,47	0,91
Totaal	50,75	49,25 ²⁶⁰

Net soos in ander nywerheidsentrums is daar ook 'n meerderheid blanke manlikes in Vereeniging werksaam. Die invloed van die nywerheidsfunksie op die getalle van die manlikes kom veral na vore in die jong werkende ouderdomsgroepe van 20 tot 44 jaar waar daar 'n opmerklike meerderheid manlikes voorkom. Vroulikes is weer in die meerderheid in die ouderdomsgroepe bo 55 jaar. Dit is die gevolg van die natuurlike verskynsel dat vroue gemiddeld 'n hoër ouderdom as mans bereik.

Tabel no. 5.9: Ouderdom- en geslagstruktuur van die Kleurlingbevolking

JAAR	MANLIK %	VROULIK %
- 1	1,51	1,65
1 - 4	6,27	7,00
5 - 9	6,97	6,94
10 - 14	5,49	5,07
15 - 19	5,39	5,07
20 - 24	5,89	5,89
25 - 34	8,50	8,87
35 - 44	4,03	3,70
45 - 54	2,58	3,20
55 - 64	1,56	1,71
65 - 74	0,89	0,98
75 +	0,38	0,48
Totaal	49,46	50,56 ²⁶¹

Daar is 'n geringe meerderheid vroulikes onder die Kleurlingbevolking. Die meerderheid vroue is veral opvallend in die ouderdomsgroepe bo 45 jaar. Die Kleurlingbevolking word ook deur 'n hoë persentasie jeugdiges tot 19 jaar gekenmerk.

Tabel no. 5.10: Ouderdom- en geslagstruktuur van die Asiërbevolking

JAAR	MANLIK %	VROULIK %
- 1	1,45	1,40
1 - 4	5,39	5,45
5 - 9	5,82	7,82
10 - 14	4,82	6,10
15 - 19	4,23	4,82
20 - 24	4,12	5,34
25 - 34	7,79	10,48
35 - 44	4,79	6,74
45 - 54	2,78	4,40
55 - 64	1,56	1,93
65 - 74	0,68	1,40
75 +	0,37	0,32
Totaal	43,80	56,20 ²⁶²

Daar is 'n aansienlike meerderheid vroulikes as manlikes by die Asiërbevolking. Die meerderheid vroulikes is veral in die ouderdomsgroepe 5-9 jaar, 10-14 jaar en 20-54 jaar opvallend.

261 Suid-Afrika (Republiek), Sentrale Statistiekdiens, *Bevolkingsensus, 1980*, RP 02-80-04, p.210.

262 Suid-Afrika (Republiek), Sentrale Statistiekdiens, *Bevolkingsensus, 1980*, RP 02-80-04, p.210.

5.10.3 **BEROEPSTRUUKTUUR**

Die beroepstruktuur van Vereeniging se blanke, Kleurling- en Asiërbevolking word in tabel no. 5.11 aangetoon. Die gegewens vir die mans en vroue word apart asook gesamentlik aangetoon.

Landbou is 'n baie beperkte beroepsektor in die munisipale gebied van Vereeniging. Die meerderheid kleinhoewes en kleinplasies in die munisipale gebied vervul 'n oorwegende residensiële funksie. Die Kleurling- en Asiërbevolking is nie by die landbou betrokke nie.

Mynbou verskaf werk aan 'n baie klein persentasie van Vereeniging se blanke en Kleurlingbevolking terwyl geen Asiërs by die mynbou betrokke is nie. Die staking van steenkoolontginning in Vereeniging se munisipale gebied is waarskynlik die belangrikste rede vir die beperkte getal mynwerkers in die dorp.

Die absolute oorheersing van die fabriekwerkersgetalle by die ekonomies-aktiewe blankes en Kleurlinge, blyk duidelik uit hierdie tabel. Geen ander beroep toon naastenby dieselfde konsentrasie van werkersgetalle as die fabrieksektor nie. Alhoewel die fabrieksektor die tweede belangrikste werkverskaffer aan die Asiërbevolking is, is die getal Asiërs in die fabriekswese laag. Die diensesektor is die tweede grootste werkverskaffingsektor van die blanke en Kleurlingbevolking, gevolg deur die handel.

Die absolute oorheersing van die handelsektor as werkverskaffer aan die Asiërbevolking, is 'n duidelike aanduiding van die prominente rol wat die Asiërs in Vereeniging op handelsgebied speel.

Tabel no. 5.11 Beroepstruktuur van Vereniging

BEROEPE												
ETNIESE	GE-SLAG	TOTAAL	LAND-BOU	MYN-BOU	FABRIE-KE	ELEKTRI-SITEIT	KON-STRUKSIE	HANDEL	VERVOER	FINAN-SIERING	DIENTE	NIE KLASSI-FISEER-BAAR
Blankes	M	9 947	48	36	5 300	322	892	1 122	544	472	998	213
	%	100	0,48	0,36	53,28	3,24	8,97	11,28	5,47	4,75	10,03	2,14
	V	3 650	10	4	749	10	56	901	179	463	1 093	185
	%	100	0,27	0,11	20,52	0,27	1,53	24,69	4,90	12,69	29,95	5,07
	T	13 597	58	40	6 049	332	948	2 023	723	935	2 091	398
	%	100	0,43	0,29	44,49	2,44	6,97	14,87	5,32	6,88	15,38	2,93
Kleur-linge	M	447	0	3	148	1	61	78	21	7	55	73
	%	100	0	0,67	33,11	0,22	13,65	17,45	4,70	1,57	12,30	16,33
	V	291	0	91	0	0	0	38	0	1	64	97
	%	100	0	0	31,27	0	0	13,06	0	0,34	22,00	33,33
	T	738	0	3	239	1	61	116	21	8	119	170
	%	100	0	0,41	32,38	0,14	8,27	15,72	2,85	1,08	16,12	23,03
Asiërs	M	490	0	0	41	0	2	365	6	8	36	32
	%	100	0	0	8,37	0	0,41	74,49	1,22	1,63	7,35	6,53
	V	122	0	0	7	0	0	67	1	1	10	36
	%	100	0	0	5,74	0	0	54,92	0,82	0,82	8,19	29,51
	T	612	0	0	48	0	2	432	7	9	46	68
	%	100	0	0	7,84	0	0,33	70,59	1,14	1,47	7,52	11,11 263

5.11 GEVOLGTREKKING

Uit hierdie hoofstuk is dit duidelik dat die dorpsgebied van Vereeniging sedert 1892 geleidelik met mense van verskeie bevolkingsgroepe bevolk is. Die tempo van die voorafgaande verstedelikingsspatroon is deur verskeie faktore beïnvloed. Afgesien van die sake- en nywerheidsontwikkeling sluit dit aspekte soos die voorsiening van behuising, die beskikbaarstelling van grond vir ontwikkeling en les bes die bepaalde beleid wat met residensiële-ontwikkeling gevolg is, in.

Teen die agtergrond van hierdie ontwikkeling kan die volgende tema in Vereeniging se geskiedenis beskryf word.